November - Desember 2023

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 22, No. 6 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Okt-Nov & Des 2022 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Die Stone of Destiny

Om koningin Elizabeth II en prins Philip op 'n afstand van net 'n paar meter weg by Sandringham te sien, is 'n herinnering wat ek steeds koester sedert ek in Engeland gewoon het. Om egter ou, muwwe kerke te besoek was definitief nie 'n goeie herinnering nie. As tiener was ek meer geïnteresseerd in sport, visvang en om die platteland te verken. Dit is dalk waarom ek min onthou van my besoek aan *Westminster* Abdy, waar ek beslis die troon van die kroning en die bekende *Stone of Destiny* moes gesien het.

Vyf dekades later het ek weer die Abdy besoek. Hoewel ek die antieke hout kroningstroon raakgesien het, was die klip nie daar nie aangesien dit in November 1996 na Skotland vervoer is. Waarom noem ek hierdie herinnerings in *Die Wêreld van Môre-tydskrif*? Wat is die betekenis van 'n onaantreklike 336-pond (152 kg) sandsteen blok?

Volgens een Keltiese legende was die klip eens die kussing waarop die patriarg Jakob by Bet-el gerus het toe hy 'n visioen gehad het: "En hy het gedroom – daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het" (Génesis 28:12). Vanaf die Heilige Land is dit na bewering na Egipte, Sicilië en Spanje vervoer en het Ierland ongeveer 700 v.C. bereik waar dit op die heuwel Tara geplaas is waar die antieke konings van Ierland gekroon is. Vandaar is dit deur die Keltiese Skotte geneem wat Skotland binnegeval en beset het. Ongeveer 840 n.C. is dit deur Kenneth MacAlpin na die dorpie Scone geneem ("*Stone of Scone*," *Britannica.com*, toegang verkry op 21 September 2022).

Die klip het in Skotland gebly tot in 1296, toe Engeland se koning Edward I daarmee na Westminster gevlug het en hy 'n spesiaal ontwerpte troon laat bou het met 'n platform en holte om die waardevolle rots in te plaas. Na Edward II se opvolging in 1307, met enkele uitsonderings, is Engelse konings gekroon terwyl die klip onder die troon was.

### "En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het"

Daar word gedebatteer oor of die huidige steen van die kroning presies dieselfde een is wat deur Jakob gesalf is, maar die verslag in Génesis laat tog interessante vrae ontstaan. Nadat hy sy gesin verlaat het om van sy broer Esau af weg te kom, het Jakob een nag gaan lê en 'n bonatuurlike droom gehad. Hy het "gedroom – daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die

hemel reik, terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het" (Génesis 28:12) en hy het beloftes van grootheid ontvang. "... en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide; en in jou en jou nageslag sal al die geslagte van die aarde geseën word ... Toe staan Jakob die môre vroeg op en neem die klip wat hy onder sy hoof gesit het, en rig dit as 'n gedenksteen op; en hy het olie daaroor uitgegiet." Hy het toe verklaar: "En hierdie klip wat ek as gedenksteen opgerig het, sal 'n huis van God wees, en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die tiendes afstaan" (Génesis 28:14, 18, 22).

Waarom het Jakob 'n rots as 'n pilaar opgerig? Hoekom het hy dit gesalf? Waarom het hy gesê dit verteenwoordig die "huis van God"? Ongeag of vandag se klip die oorspronklike of 'n namaaksel is, is die geskiedkundige betekenis daarvan onbetwisbaar vir die Iere, Skotte en Britte. Dit is die toppunt van Skotland se skatte en word as sodanig beskerm.

Koningin Elizabeth II is op 2 Junie 1953 gekroon terwyl sy oor hierdie *Stone of Destiny*, wat onder die troon was, gesit het. Daarna, "in 1996 is die klip amptelik aan Skotland teruggesorg. Vandag is dit een van die kosbare skatte wat in die

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Die Stone of Destiny**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wat is die waarde van mense se lewens?** 3
*Daar word baie gepraat oor "menseregte" maar hoe kan ons bewys dat dit werklik bestaan? Wie bepaal wat is die waarde van menseregte?*

**Dit is Londen wat roep: Brittanje ná Boris: Wat lê voor?** 8

**'n Unieke spesiale troon** 11
*Vir 70 jaar lank was koningin Elizabeth II 'n rots van stabiliteit vir die Verenigde Koninkryk. Wat kan ons leer uit haar besonderse voorbeeld?*

**Wat is besig om met Amerika te gebeur?** 15
*Baie ernstige gevolge – sosiaal en geestelik – staar 'n verdeelde nasie in die gesig wat nie hulle erfenis of toekoms verstaan nie.*

**Die oorsaak van Israel se ellende** 20
*Waarom lyk dit asof Israel nooit vrede kan vind nie? Die antwoord kan gevind word in 'n Bron wat deesdae deur baie min mense in ag geneem word.*

**Die werke van Sy hande Vlieg met behulp van die oor** 24

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 058 622 1424
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wat is die waarde van mense se lewens?

## Deur Wallace G. Smith

Daar word baie gepraat oor "menseregte" maar hoe kan ons bewys dat dit werklik bestaan? Wie bepaal wat is die waarde van menseregte?

Dit is nie die tipe vraag waaroor 'n mens elke dag dink nie. Die moderne samelewing se onvermoë om dit te beantwoord, saai verwoesting en chaos vir die mensdom en sy instellings.

*Wat is 'n menslike lewe werd?*

Die skynbare onvermoë om hierdie vraag te beantwoord is een van die hoof-oorsake van sommige van die grootste morele, kulturele en politieke gebreke wat ons in die strate van ons stede, die klaskamers van ons skole en die raadsale van ons regerings sien. Dié vernietigende chaos wat deur ons gemeenskaplike verwarring hieroor veroorsaak word, word moontlik die beste geïllustreer deur die twee kwessies van menslike lewe – bevrugting en dood. Elkeen van hierdie kwessies van die algemene lewensreis van die mens verteenwoordig 'n slagveld van intense kulturele konflik. Elke kwessie verteenwoordig ook die stadiums wanneer mense se lewens op hulle kwesbaarste is vir die veranderende giere en grille van die samelewing.

Baie mense verafsku die minagting van mense se lewens en bekommer hulle oor 'n toenemende kultuur van dood in die Westerse beskawing. Ander mense besing wat hulle sien as 'n toenemende bereidwilligheid om "dood met waardigheid" te verseker en om selfdood te aanvaar as die uiteindelike openbaring van menslike selfbeskikking en vrye wil. Wie kan sê wie is reg? Is ons op pad na 'n nuwe, verligte era of is ons op 'n afdraende pad na duister plekke met afgryslike en onvermydelike gevolge?

### 'n "Reg" om te sterf?

Die keuse om self die besluit te neem om te sterf, blyk 'n toenemend gewilde manier van lewe in Kanada te wees. Dit selfs nadat Kanadese wetgewers in 2016 *beperkte* toepassing van geassisteerde selfdood goedgekeur het – wat die jaar tevore deur Kanada se Hooggeregshof gewettig is – alleenlik in gevalle van terminale siekes waar natuurlike dood "redelik voorsienbaar" is.

In slegs ses jaar – van 2016 tot 2021 – het die aantal Kanadese wat geassisteerde dood gekies het, tienvoudig vermeerder van 1,018 tot 10,064 – wat beteken dat individue in Kanada in 2021 bystand gevra het om hulleself dood te maak teen 'n koers van meer as *27 mense per dag*. Die neiging self was sekerlik voorsienbaar. Kyk byvoorbeeld net na België wat genadedood in 2002 gewettig het – méér as 'n dekade voor Kanada. In 2003 was die koers van diegene wat deur genadedood in België gesterf het, 235 per jaar. Dié getal het in minder as 20 jaar, meer as tien keer vermeerder: In 2021 het België 2,699 gevalle van genadedood aangemeld – meer as *sewe mense elke dag* – dít uit 'n bevolking van ongeveer 'n derde so groot soos Kanada.

Belgiese wetgewing het bepaal dat diegene wat die dood verkies, regsbevoegde volwassenes moes wees – ten volle bewus van wat hulle doen en in staat wees om hulle eie besluite te neem. Die vereiste was ook dat hulle aan 'n "hopelose mediese toestand" ly wat "konstante en ondraaglike fisiese of geestelik lyding" behels wat nie genees kan word nie. Mettertyd het die Belgiese owerhede se siening van wat kwalifiseer as "ondraaglike fisiese of geestelike lyding" egter op kommerwekkende maniere uitgebrei. In 2012 is genadedood toegepas op twee dowe, 45-jarige tweelingbroers, wat met gloukoom gediagnoseer is, omdat persone in beheer besluit het dat hulle vrees om blind te word "ondraaglike geestelike lyding" veroorsaak het. In 2014 is die regulasie uitgebrei om minderjariges in te sluit wat met hulle ouers se toestemming wil sterf. Sedertdien is daar op kinders so

jonk as nege jaar oud genadedood toegepas.

Kanada het die neiging van België gevolg. In 2021 is die 2016-standaard vervang met 'n toegeefliker standaard dat die individu "ondraaglike fisiese of geestelike lyding" ervaar wat "nie verlig kan word onder toestande wat as aanvaarbaar beskou word nie".

Bekommerde waarnemers het reeds 'n toename in gevalle van selfdood opgemerk onder Kanada se armes of gestremdes vir wie die lewenskoste te hoog geraak het. 'n Bekende geval van 'n 51-jarige vrou wat aan allergieë in die omgewing gely het, het selfdood verkies omdat sy nie bystand kon kry om haar in 'n ander omgewing te vestig nie.

Amerikaners behoort nie te dink dat dit nie in die Verenigde State kan gebeur nie. Baie mense onthou die woede oor dr. Jack Kevorkian, 'n dokter van Michigan, wat in die 1990's begin het om 'n paar dosyn mense by te staan om selfdood te pleeg. Hy het genoeg aanmoediging gekry om 'n pasiënt werklik dood te maak, waarvoor hy agt jaar tronkstraf uitgedien het. Vandag is bystand-dood onwettig in Michigan, maar verskeie state – met inbegrip van verskeie ander state wat ook uitgebreide regte met betrekking tot aborsie wettig, soos Kalifornië, Oregon en Washington tesame met Maine, New Jersey en Vermont aan die ooskus – het hierdie praktyk gewettig, wat baie mense kort tevore nog barbaars sou vind.

**Die "reg" om te aborteer vs. "reg" op lewe**

In Februarie 2012 het etici Alberto Giubilini en Francesca Minerva 'n artikel in die *Journal of Medical Ethics* gepubliseer, wat daarop wys dat die etiese redenasie wat die moord op 'n kind in die baarmoeder sou toelaat, noodwendig ook die reg sal gee om daardie kind te vermoor nadat hy/sy gebore is en reeds 'n groeiende baba geword het. Die idee om aborsie aan kindermoord gelyk te stel, het baie mense woedend gemaak, tog het Minerva en Giubilini nie enige beleid of standpunt bepleit nie; hulle het slegs beweer dat die moraliteit van die twee handelings op dieselfde neerkom – of die dade reg of verkeerd is kon hulle nie sê nie.

Hoe kan ons dus bepaal wat reg is? Nadat die 1973 *Roe vs. Wade*-besluit vroeër in 2022 teruggetrek is, het baie mense steeds aanspraak gemaak op die "reg" op selektiewe aborsie. Baie mense vergeet inderdaad dat die *Dobbs*-besluit in Junie 2022 nie aborsie verbied het nie; dit het bloot die meeste aborsie-verwante besluite weer in die hande van individuele state gelaat. Die stryd word nou op plaaslike vlak gevoer en "stryd" is nie net blote beeldspraak nie. Sedert die besluit het militante pro-aborsie aktiviste, kerke en swangerskapsentrums gevandaliseer en met vuurbomme gebombardeer. Hulle het boodskappe soos, "Indien aborsies nie veilig is nie, is u ook nie" met gebruik van spuitverf agtergelaat.

Die chaos in ons samelewing is die bewys wat ons nodig behoort te hê dat "regte" verander van een politieke siklus na die volgende politieke siklus, afhangende van die fantasieë en ideologieë van wie ook al op daardie tydstip aan bewind is. Géén volk se grondwet hou vir ewig nie.

Waar bestaan ons "regte" *dan*? Baie mense in die politieke sfeer praat graag van "menseregte" en "vroueregte" en die "reg op lewe" en die "liggaamlike eie reg". Hulle verdedig wette wat daardie "regte" beskerm en argumenteer teen wette wat dit ontken. Wat is egter die *Bron* van hierdie "regte"? Waar kan 'n mens die bewyse vind dat dit werklik bestaan? Wetenskap kan verduidelik hoe *skaars* menslike lewe in die heelal mag wees, soos astrobioloë in hulle klassieke boek *Rare Earth*, gedoen het, maar dit kan nie sê waarom mense se lewens werklik meer *waardevol* sou wees as byvoorbeeld die lewe van 'n seekat of 'n Afrika-olifant nie.

Sommige vername bioloë het trouens verklaar dat mense se lewens *nie* méér waardevol is nie en verklaar dat om anders te beweer is "om een spesie belangriker te ag as 'n ander". In Paola Cavalieri en Peter Singer se versameling *The Great Ape Project: Equality Beyond Humanity*, beskryf niemand anders nie as die evolusionêre uitblinker Richard Dawkins, sy oortuiging dat om te beweer dat mense 'n meer spesiale posisie as dié van diere beklee, 'n morele boosheid gelykstaande aan apartheid is. Hy bespiegel verder daaroor of genetiese manipulasie – die

kruising van mens en sjimpansee –kan help om die mensdom se misbruik van die idee dat ons nié meer waarde as diere het nie. Op X *(Twitter)* het hy selfs bespiegel oor die voordeel daarvan om "vlees" uit menslike selle te kweek om mense te help om hulle morele weersin teen kannibalisme te oorkom.

**Die enigste ware Bron waar die antwoord gevind kan word**

Die Een wat menslike lewe geskep het – die Bonatuurlike en Almagtige Skepper – openbaar wat spotters weier om raak te sien en Hy openbaar wysheid en waarheid terwyl filosowe slegs vermoedens en moontlikhede aanbied. Wat die waarde van mense se lewens betref, maak God Sy standpunt uitdruklik en onbetwisbaar duidelik in die bladsye van Sy geopenbaarde Woord. Vanaf die skepping van die mensdom verklaar die Skrif duidelik:

God het in Génesis 1:26-27 gesê: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape."

Hierdie feit – dat elke mens op unieke wyse die beeld van sy of haar Skepper openbaar – is die ware basis wat God gee van waarom moord sonde is (Génesis 9:6).

Elke mens besit 'n waarde wat dié van enige dier oortref. Die doodmaak van diere is geen sonde nie, maar om 'n ander mens dood te maak, gaan gepaard met 'n diepgaande morele las op die moordenaar. Moord is só teenstrydig met die karakter en aard van God dat Hy die verbod in die sesde Gebod van Sy Tien Gebooie verewig het. Terwyl filosowe en regsgeleerdes die kwessie van menslike waarde beredeneer, verklaar die Skepper en Ontwerper van alle lewe die aard van menslike waarde onomwonde.

Die waarde wat Hy in die menslike lewe sien, word ook weerspieël in die ewige en Goddelike doel waarvoor Hy die mensdom geskep het. Elke mens sal die geleentheid kry om eendag 'n verheerlikte lid van God se eie Gesin te word, die ewige lewe saam met Hom in heerlikheid en vreugde te geniet en alle dinge te beërwe saam met ons ouer Broer en Verlosser, Jesus Christus (1 Johannes 3:1-3; Openbaring 21:7; Hebreërs 2:10-11).

Menslike lewe het waarde omdat die voortreflike en ewige God dit waarde gee. Geen filosoof, hof of sosiale aktivis kan Sy Goddelike besluit, ontwerp en doel tot niet verklaar nie.

**Waarde in élke lewe**

God heg van die begin af, waarde aan elke menslike lewe – vanaf sy vroegste dae in die moederskoot. Regdeur die Skrif sien ons dat kinders in die baarmoeder as mense beskryf word (byvoorbeeld Jeremia 1:5 en Lukas 1:41). God neem persoonlik krediet vir die sprekers se woorde wat Hy self geïnspireer het, vir die vorming en ontwikkeling van lewe in die moederskoot (Job 31:15; Psalm 139:13-14). God het dit aan antieke Israel duidelik gemaak dat om die dood van 'n kind in die baarmoeder te veroorsaak, 'n hoë prys sou vereis onder die Ou Verbond: "lewe vir lewe" (Exodus 21:22-23). Sommige mense het al probeer om die duidelike betekenis van hierdie gedeelte te verdraai, maar selfs daardie verdraaiing kan nie die waarheid verberg nie. Ja, kinders in die baarmoeder is nog nie wat hulle by geboorte sal wees nie – hulle groei en ontwikkel nog steeds in die baarmoeder, net soos hulle vir jare na geboorte sal ontwikkel. In die baarmoeder *asook* na geboorte is hulle groeiende en ontwikkelende *mense*.

Gestremdheid, beproewing en armoede verminder nie die waarde van menslike lewe nie. God verklaar Homself as die Skepper van die siekes en die gestremdes (Exodus 4:11) en openbaar Homself as die verdediger van die behoeftiges (Jesaja 25:4). Dit beteken dat die waarde van ons lewens ook tot en met ons laaste dae strek. 'n Herhalende tema van die Skrif is dat God wil hê dat ons die bejaardes in ons midde sal eer – 'n waarde wat weerspieël word in Sy opdrag aan antieke Israel: "Vir die grys hare moet jy opstaan, en die persoon van 'n grysaard eer; en jy moet jou God vrees. Ek is die HERE" (Levítikus 19:32).

Hierdie duidelike verklarings van God se eie begeertes, prioriteite en waardes kan ons help om die vrae op te klaar wat in die haatdraende debatte en protes-aksies van ons tyd rond geslinger word. Dit is 'n kortpad van etiese dubbelsinnigheid van geleerdes en filosowe in ons

universiteite om nonsens en ontelbare tekens en geskree van soveel onsinnige betogers in ons strate te openbaar en hulle veroordeel die wette en wetgewing van politici wat probeer om 'n samelewing sonder God se soewereiniteit te bou.

**Deernis, oortuiging en moed**

Dit is nie te sê dat ons swaarkry slegs denkbeeldig is of dat ons lyding 'n illusie is nie. Vandag se wêreld is nie wat God in gedagte gehad het van hoe dit moes wees nie. Ons leef in 'n tydperk wat talle beproewings en angs kan meebring. God se Koninkryk het nog nie aangebreek nie en dit kan vir sommige mense al te aanloklik lyk om te reageer deur die dood bo lewe te kies – om die heilige waarde wat God op elke menslike lewe plaas, opsy te skuif.

Kan ons empatie hê vir die tienermeisie wat 'n ongewenste swangerskap in die gesig staar, wat besef dat die nuwe lewe binne-in haar haar op 'n onverwagte – selfs angswekkende – lewenspad kan plaas wat beteken dat sy beheer verloor oor omstandighede wat sy geglo het sy seker van was? Wat van die bejaarde man wat sy dokter se diagnose van 'n terminale siekte moes aanhoor, wat noodwendig pyn, swakheid en finansiële ondergang sal meebring? Wat van die weduwee, ver van haar familie, wat bekommerd is dat sy dalk alleen en eensaam sal sterf en of sy haar geliefdes dalk sal moet vra om haar te versorg deur die moeilike jare wat voorlê – dit wil sê indién hulle inderdaad bereid sou wees om so 'n verantwoordelikheid op hulle skouers te neem?

Ons behoort medelye te hê met diegene in sulke situasies wat onvermydelik is in 'n wêreld wat nie deur sy liefdevolle en deernisvolle Skepper beheer word nie. Situasies soos hierdie word inderdaad elke jaar die nuwe werklikheid in die lewe van ontelbare mense. Daar is 'n rede waarom die gevalle van geassisteerde selfdood en genadedood se getalle voortdurend toeneem. Ons behoort nie hierdie wrede en tragiese werklikheid te ontken nie en ons behoort om te probeer help om die laste te verlig van diegene wie se lyding verlig kán word en om diegene te bemoedig wat nie uit hulle lyding kan ontsnap nie.

Alhoewel ons dalk nie presies verstaan waarom elke lydende individu die onsekerheid, verwarring en pyn van sy of haar lewe in die gesig staar nie, moet ons nóóit ons Skepper, wat elke lewe belangrik ag, uit die oog verloor nie. Dit is die Skepper wat lewe gee en dit is nie ons reg om dit te beëindig nie. Dink daaraan dat toe die Bybelse patriarg Job deur die een vloek op die ander geteister is, hy al sy besittings verloor het en moes hoor dat al sy kinders vermoor is en hy sélf deur pynlike en verterende gesondheidsprobleme geteister is, sy ontstelde vrou hom aangeraai het: "Seën God, en sterf" en om 'n einde aan sy lyding te maak (Job 2:9).

Hoe het Job gereageer? Hy het verstaan dat, hoewel die duiwel sulke vloeke mag meebring, dit nie sou gebeur het indien God Sélf dit nie toelaat nie. Daarom het hy geantwoord: "Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?" (vers 10). Terwyl Job nie geweet het wat die oorsaak van sy lyding was nie – wat verder tot sy angs bygedra het – het hy besef dat sy lewe nie syne was nie. Selfs in sy verwarring en frustrasie – miskien saam met sy gevoel van eiegeregtigheid – het Job vertrou dat daar 'n antwoord was (Job 13:15) en dat God besig is met 'n groter doel, al sou hy dit eers verstaan na sy dood (Job 14:14-15).

Om die lewe van 'n mens te respekteer soos wat ons liefdevolle Skepper lewe waardig ag, verg oortuiging en hierdie oortuiging vereis moed van elkeen van ons individueel. Anders as die ongegronde "beginsels" en "regte" wat oor en weer na die ander geslinger word in die kultuuroorloë, is sulke waardes en oortuigings gegrond in die énigste ware werklikheid – God s'n. Hy voorsien aan diegene wat Hom gehoorsaam en lief het die moed wat hulle nodig het (Josua 1:9).

**Ons moet daarna kyk soos God**

Jesus het ons gewaarsku: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind" (Matthéüs 7:13-14).

Dit word al hoe moeiliker om daardie weg te vind wanneer ons die basiese beginsels uit die oog verloor wat 'n lig op ons pad behoort te wees. Erkenning van die werklike waarde van menslike lewe – 'n waarde wat bepaal word deur die Almagtige God wat ons geskep en lief het en

wie se eienaarskap van en soewereiniteit oor alle lewe absoluut volkome is – is een van daardie fundamentele beginsels.

Ongeag of ons nou as 'n samelewing met hierdie vrae worstel of persoonlik daarmee stoei as individue in desperate wanhoop, die skaduwees van verwarring kan eers opsy gewerp word wanneer ons ons na die lig se ware Bron wend: "Want U laat my lamp skyn; die HERE my God laat my duisternis opklaar" (Psalm 18:29).

Alle mense se lewens het waarde – 'n ieder en 'n elk.

Daar kom binnekort 'n wêreld waarin die Skepper van daardie lewens die begrip aan die mensdom sal bevestig. Tot dan behoort ons God te vra om ons te help om elke individu rondom ons raak te sien – die magtiges en die swakkes, die rykes en die armes, die vreugdevolles en die geteisterde mense, die bejaardes en die ongeborenes – op dieselfde manier as wat God ons as individue met Sy eie oë sien, naamlik as 'n waardevolle persoon wat na Sy eie Beeld gemaak en geskape is met 'n doel wat eendag geopenbaar sal word en om al hierdie lewe se lyding die moeite werd te maak (Romeine 8:18). Hoe meer ons na ander mense kyk soos wat Hy hulle sien, hoe meer sal ons die ewige waarde in hulle raaksien. WvM


# Die ware God: bewyse en beloftes

*Waarom* is die God van die heelal nie vandag vir mense *werklik* nie?

*Waarom* is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek en sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.

**Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.**


*Vervolg vanaf bladsy 22 – Die oorsaak van Israel se ellende*

ons verstaan dat, solank as wat Israeliete 'n Verbondsverhouding met God versaak, ondergang onvermydelik sal volg.

Israel staar voortdurende druk van sy vyande in die gesig, veral dié wat deur Iran gefinansier word. Sy vyande wil sien dat Israel vernietig word. Daardie stryd sal voortduur totdat Israel sy behoefte aan 'n Verbondsverhouding met God erken. WvM

# Dit is Londen wat roep Brittanje ná Boris: Wat lê voor?

## Deur John Meakin

Die vorige eerste minister Boris Johnson se ontslag word geblameer op misleiding. Sal eerlikheid in die regering ooit die norm wees?

Op 7 Julie 2022 is die Verenigde Koninkryk se eerste minister, Boris Johnson, gedwing om as leier van die Britse Konserwatiewe Party te bedank. Van 'n politieke oorwinning van 80 setels tydens die algemene verkiesing in 2019, het die Konserwatiewe Party se gewildheid onder Johnson se leierskap geleidelik afgeneem. Die eerste minister se reputasie was toenemend een van oneerlikheid en hy was daarvan beskuldig dat hy "integriteit, bekwaamheid en visie kortkom" ("Boris Johnson bedank: 5 dinge wat tot die premier se ondergang gelei het," *BBC*, 7 Julie 2022). Sommige mense het gekla dat sy administrasie 'n gebrek aan samehorigheid, fokus en idees gehad het. Laastens, en dalk die belangrikste, het hulle belangrike tussenverkiesings verloor. Mnr. Johnson is nie meer as 'n wenner van stemme gesien nie – hy moes gaan.

**Kom ons bespreek eerlikheid**

Wat beteken die uittrede van Boris Johnson, die kampioen van Brexit, vir Brittanje? Hoe gaan Brittanje sy probleme oplos in 'n wêreld wat al hoe meer geteister word deur dreigemente van virusinperkings, inflasie wat die hoogte inskiet, uitermatige hoë energiepryse en chroniese voedseltekorte? Watter geestelike lesse kan elkeen van ons leer met betrekking tot die algemene neiging om oneerlik te wees en die wanvoorstelling van die waarheid?

Van verskeie ineengestrengelde redes vir die Tory-ontevredenheid (Konserwatiewe Party) met Johnson se leierskap, was die laaste strooi die fokus daarop dat hy *die waarheid bekend moes maak* oor twee omstrede kwessies waarvoor hy verantwoordelik was. Die eerste kwessie was 'n reeks partytjies en sosiale byeenkomste, wat nou gesamentlik *"Partygate"* genoem word, wat in die tuine by Downingstraat 10 – die eerste minister se kantoor en woning in Londen – gehou is. Dit het plaasgevind gedurende die COVID-inperkings, terwyl al sulke byeenkomste verbied was en stewige boetes opgelê was.

Die tweede kwessie, wat op 4 Julie 2022 aan die lig gekom het, het betrekking op 'n parlementslid wat deur Johnson as een van die partyswepe aangestel is, ten spyte van die feit dat Johnson bewus was van aanklagtes van seksuele wangedrag teen die persoon. By albei geleenthede is algemeen waargeneem dat mnr. Johnson "suinig met die waarheid" was, hoewel sy verdedigers aangevoer het dat daar baie belangriker sake was om te oorweeg. Eenvoudig gestel, was Johnson deur mede-LP's, partylede en die publiek gekritiseer omdat hy nie reguit met die waarheid vorendag gekom het nie en vir sy persoonlike skynheiligheid – hy het leuens vertel – dus moes hy uittree.

Die rubriekskrywer Rafael Behr het hierdie tekortkomings van die eerste minister se karakter ontleed in 'n kragtige artikel waarin hy gevra het wat met Brexit gaan gebeur noudat Johnson uitgetree het. Hy het daarop gewys dat Johnson "uit sy eerste pos in joernalistiek afgedank is omdat hy 'n aanhaling versin het en so ook van sy eerste werk in die voorgestoeltes by Michael Howard se skadukabinet vir valse ontkenning van huweliksontrouheid". 'n Voormalige Tory minister het dit sterker gestel deur te sê dat mnr. Johnson "vir sy vrou, sy werkgewers, sy kollegas en vir die parlement leuens vertel … Hy weet van honderde verskillende maniere om leuens te vertel" ("*Brexit After Boris*," *Prospect Magazine*, 15 Julie 2022). Behr voorspel dat Brexit deur die volgende administrasie afgewater sal word noudat Johnson weg is.

**Brexit-waarhede**

Johnson se karakter-gebreke is egter nie ongewoon in 'n beroep wat belaai is met kompromieë, halwe waarhede en korrupsie nie. Wat van die integriteit van Brexit self? Johnson was meer as enigiemand anders die kampioen van Brexit wat daarin geslaag het om Brittanje uit die Europese Unie te lei en daarop aangedring het dat Brittanje beter daaraan toe sou wees buite die EU, eerder as om daarin vasgevang te wees. Die werklikheid was egter baie meer ingewikkeld – deels as gevolg van COVID-19.

Met die uitbreking van die virus-pandemie in die wêreld, het pogings om dit te bekamp, die wêreld-ekonomie tot 'n skokkende stilstand gedwing. Die inperkingsbeleid het dit moeilik gemaak om te bepaal wat die ekonomiese impak sou wees om die EU te verlaat. Was Brexit in der waarheid 'n goeie skuif vir Brittanje of 'n slegte skuif? Die Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling (OECD) het in 2022 voorspel dat die groei in die VK gedurende 2023 feitlik sal stagneer ("*Low economic growth is a slow-burning crisis for Britain*," *The Economist*, 9 Junie 2022). Swak uitvoere, afnames in besigheidsbeleggings wat op Brexit gevolg het en 'n steeds stygende inflasiekoers van 9,4 persent het veroorsaak dat *The Economist* tot die gevolgtrekking gekom het dat, "ekonomiese agteruitgang 'n chroniese Britse siekte geword het".

Was Johnson se hoop vir Brexit eerlik en gegrond op die werklikheid of opgeblaas en oordrewe? Die Noord-Ierland-protokol is 'n voorbeeld hiervan. Johnson het die VK triomfantelik uit die EU gelei, maar het willens en wetens, Noord-Ierland steeds onderworpe aan EU-wette gelaat – goedere kon vrylik van Noord-Ierland na die vasteland van Brittanje vervoer word, maar nie andersom nie. Johnson het uitbasuin dat dit nie 'n ernstige probleem was nie en het die Brexit-ooreenkoms onderteken terwyl hy foutiewelik ontken het dat daar kontrole sou wees op goedere wat tussen Noord-Ierland en Groot-Brittanje vervoer word. Pogings om die VK te ontwrig gaan voort, maar daardie pogings behels 'n bereidwilligheid om internasionale reg te oortree, aangesien dit die versuim van ooreenkomste behels waartoe die VK hulle reeds verbind het.

Ons kan natuurlik hierdie bespreking, wat betref eerlikheid in openbare beleid in die wêreldtoneel, uitbrei. Dit is beswaarlik nie slegs 'n probleem nét vir die Britse politiek nie – alle nasies word toenemend geraak. Openbare beleid word oorheers deur organisasies en "dinkskrums" wat glo dat hulle weet hoe die wêreld bestuur behoort te word en die meeste belangrike beriggewers tree meer as propagandasmouse op. Beleid oor klimaatsverandering, pandemie-entstofmandate en inperkings, geslagsverwarring onder kinders – oor elke belangrike onderwerp – is daar meer kommer om mededingende verslae te onderdruk as om aktief agter die waarheid te kom en dít te rapporteer. Dit lyk selfs asof daar nog méér leuens voorlê,

Let mooi op en u sal opmerk dat baie beleide ondersteun word deur wat "post-normale wetenskap" genoem sou kon word, waar die wetenskap korrup gemaak is en aangepas is om die voorafbepaalde beleidsdoelwitte te ondersteun deur 'n werklike of versinde gevoel vir die behoefte aan dringende optrede. Hierdie polities gedrewe ondernemingsgees het 'n groot impak op die hedendaagse lewe en keer die bestaande wêreldorde onderstebo. Die VK-kiesers het geleidelik meer bewus geraak van hierdie realiteite en dit het bygedra tot 'n atmosfeer van vertwyfeling en ontnugtering teenoor regeringsleierskap. Dit is dus nie verbasend dat die Konserwatiewe Party se gewildheid in minder as drie jaar afgeneem het tot op die punt waar hulle hulself vandag bevind nie, groot vrees bestaan dat die Arbeidersparty met die volgende verkiesing weer aan bewind sal kom. Sal die volgende regering voortgaan deur sulke leuens en vals inligting te versprei of gaan hulle opstaan en die waarheid praat?

**'n Wêreld van leuens?**

God maak dit duidelik in die Bybel dat ons in Satan se wêreld leef (Johannes 12:31; 14:30; 16:11) en dat Satan die vader van leuens is (Johannes 8:44). Ons behoort dus nie verbaas te wees dat sy wêreld in byna elke aspek van die lewe deur leuens oorheers word nie. Ware Christene streef egter daarna

om *nooit* leuens te vertel nie. Om die waarheid te praat is die vernaamste aspek van God se karakter wat Hy van sy volgelinge verwag om dit deel van húlle karakter te maak.

Wat van u? Ondersoek u, u oortuigings en vra u vir God om u na die waarheid te lei – "Beproef alle dinge; behou die goeie" (1 Thessalonicense 5:21)? God sê vir ons dat Sy geïnspireerde Woord die waarheid *is* (Johannes 17:17). 'n Christen staan op vir die waarheid ter ere van God en behoort nie te lieg nie, met die begrip in gedagte dat daar geen leuenaars in die Koninkryk van God sal wees nie (Openbaring 21:7-8). In plaas daarvan soek God na diegene wat Hom in gees en waarheid sal aanbid (Johannes 4:24) en wat eendag waarlik hierdie wêreld sal lei onder die gesag van Jesus Christus en Sy belangrikste voorbeeld van volmaakte eerlikheid sal stel. Vir besonderhede oor daardie vinnig naderende wêreldorde, kan u op versoek 'n gratis eksemplaar van *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* bestel of u kan dit aanlyn lees by www.wvm.co.za. WvM

# WAAROM SATAN VAN KERSFEES HOU

## Deur Wyatt Ciesielka

### Kan die bekendste "Christelike" dag een van die duiwel se gunsteling dae wees?

Die meeste mense verwerp die kommersialisering, die heidense invloed en die onmoontlikheid van 'n geboorte van Christus op 25 Desember en hulself regverdig dit met slagspreuke soos "Sit Christus terug in Kersfees". Hoeveel belydende Christene sal egter gemaklik voel om Kersfees te vier indien hulle verstaan dat hulle *nie* Christus in Kersfees kán terugsit nie omdat Kersfees *Satanies* is?

Dit is glad nie 'n nuwe begrip nie, maar die kerke van die wêreld verberg of ignoreer hierdie waarheid. *The Catholic Encyclopedia* maak dit baie duidelik dat "Kersfees nie een van die vroegste feeste van die Kerk was nie. Kersfees verskyn glad nie op die lys van feeste wat Irenaeus en Tertullianus opgestel het nie" ("*Christmas,*" *NewAdvent.org*, verkry 4 Oktober 2022). Kersfees was selfs kortstondig in Massachusetts in 1659 en gedurende die 1600's in Engeland verbied as on-Bybels.

Baie mense verstaan dat die Romeinse *Saturnalia* waarop Kersfees gegrond is al lank vóór Kersfees gevier was. Tertullianus, wat as 'n vroeë Katolieke kerkvader beskou was, het geskryf dat tydens die Saturnalia, geskenke uitgeruil is en "elke prag en praal van die duiwel word herhaal" ("*On Idolatry* (Tertullianus)").

Die Saturnalia was bloot 'n aanwending van iets van vroeër – die Persiese *Mithraïsme*. In Mithraïsme het die midwinterfeeste begin met aanbidding van Zurvan en die vierings het op 24 Desember geëindig. Die vierings het dan oorgegaan om die *wedergebore* Zurvan te aanbid as die *pasgebore* Mithras, wat *gebore is op 25 Desember* en wie die son ná die wintersonstilstand teruggebring het (vergelyk M.J. Vermaseren, *Mithras, the Secret God*, 1963).

Die Romeine het Mithraïsme gretiglik aangeneem in die vorm van die Saturnalia. Saturnus, soos hy bekendgestaan het, onder die naam wat deur die Romeinse wêreld bekend gemaak is, was in werklikheid die antieke Persiese god Mithra, die wedergebore Zurvan. Soos in die *Catholic Encyclopedia* opgeteken is, het keiser Diocletianus 'n tempel vir Mithra in Carnuntum gebou en "25 Desember is onderhou as sy verjaardag, die *natalis invicti*, die wedergeboorte van die winterson" ("Mithraïsme").

Die heidense god Zurvan is uitgebeeld as 'n gevleuelde wese – deels mens en deels leeu. Ons sien dus dat Zurvan engelagtige en gérubagtige kenmerke uitbeeld (2 Kronieke

*Vervolg op bladsy 26*

# 'n Unieke spesiale troon

## Deur John Meakin

Hoe merkwaardig is dit nie dat die laaste amptelike plig van haar majesteit koningin Elizabeth II, by haar huis *Balmoral Castle* in Skotland, die aanstelling van haar 15de eerste minister Liz Truss was, nadat Boris Johnson bedank het. Die koningin het op die ouderdom van 96 broos gelyk, maar was steeds haar gewone opgeruimde, vriendelike self en vasbeslote om met haar pligte voort te gaan. Slegs twee dae later, op Donderdagmiddag, 8 September 2022, het die onverwagte nuus van haar skielike afsterwe, skokgolwe deur die land en regoor die wêreld veroorsaak. Deeglik voorbereide planne vir haar begrafnis en die amptelike oordrag van magte aan haar seun en erfgenaam Charles, is dadelik in werking gestel. Na 'n leeftyd wat hy vir hierdie oomblik voorberei het, was Charles nou koning, Staatshoof, hoof van die kerk van Engeland en hoof van die Statebond.

Elf dae van rou en deeglike voorbereidings het 'n hoogtepunt bereik met die koningin se begrafnis op 19 September 2022. Dit was 'n droë, stil en sonnige dag. Groot skares het langs die begrafnisroete saamgedrom om die optog te sien en om hulle stille waardering en respek vir 'n baie geliefde monarg te betoon. Ná die begrafnisdiens in *Westminster* Abdy het 'n optog, te voet, gevolg rondom die St. James Park, langs die Mall, ['n seremoniële roete] en verby Buckingham-paleis waarna daar per motor voortgegaan is na Windsor kasteel vir haar teraardebestelling op dieselfde plek waar ander afgestorwe lede van haar familie ook begrawe is. Miljarde mense regoor die land en Statebond – inderdaad 'n wêreldwye gehoor – kon deel in die begrafnisverrigtinge deur uitgebreide mediadekking.

'n Mens hoef net 'n paar van die vele media-uitsendings oor die koningin te lees om tot die gevolgtrekking te kom dat sy 'n hoogsgerespekteerde en spesiale dame was. Hoe het dit gebeur? Elizabeth het in 1936 op tienjarige ouderdom die regmatige erfgenaam geword en haar ouers het 'n program begin om haar vir daardie rol voor te berei. Haar tienerjare het saamgeval met die swaarkry en ontberings van die oorlogsjare, waartydens die standvastige en pligsgetroue voorbeeld van haar vader, koning George VI, 'n kragtige en doeltreffende invloed op haar gehad het.

Anglikaanse leiers het die jong prinses onderrig met betrekking tot dienslewering, pligsbesef, voorbeeldigheid en om haar woord gestand te doen. Tydens die hoogtepunt van die diens met haar kroning, het hulle verduidelik dat sy voor God as koningin aangestel word en deur haar eed ingeseën was om haar verantwoordelikhede na te kom. Dit alles het in Elizabeth 'n vasbeslotenheid ingebou om haar hart daarin te plaas om haar mense getrou as hulle koningin te dien. In haar openbare diens van 70 jaar – die tweede langste van enige monarg – het sy nóóit afgewyk van die waardes, wat sy geglo het deur God aan haar gegee is om te volg nie – selfs al het die samelewing rondom haar onverbiddelik verander.

Ons sal almal baat vind daarby om 'n paar belangrike stellings te onthou wat sy gedurende haar heerskappy gemaak het. Dit openbaar 'n persoon wat diep en passievol daartoe verbind was om almal wat na haar as koningin opgekyk het te dien. Benewens die oorsig van verskeie redes waarom so baie mense haar as spesiaal beskou het, sal ons iets *buitengewoon* spesiaal erken aangaande die posisie wat sy op die troon beklee het. Die Windsor vorstehuis in Londen is deesdae die leidende koningshuis in die wêreld. Die troon van hierdie vorstehuis het ook verrassende Bybelse verbintenisse met enorme profetiese implikasies vir die jare wat voorlê. Dit is 'n troon wat bestem is om nog groter wêreldwye betekenis te verkry as gevolg van 'n toekomstige Bekleër wat oor die hele wêreld sal heers!

### Onbaatsugtig toegewy aan plig

Die koningin was baie geliefd vanweë haar *onbaatsugtige toewyding aan haar*

*pligte.* Sy het haar woord gehou en haar vroeë belofte en lewenslange verbintenis nagekom om haar onderdane, op tuisbodem en in die buiteland, dwarsdeur haar lewe te dien. Haar hart en siel was baie duidelik in alles wat sy gedoen het. Sy het geglo dit is wat God van haar wou hê en dat Hy haar daarvoor voorberei het. In 'n toespraak op die dag van haar kroning in 1953, het sy beloof: Ek het myself in opregtheid verbind om u tot diens te wees, soos so baie van u ook aan my beloof het. Regdeur my lewe en met my hele hart, sal ek daarna streef om u vertroue waardig te wees.

Tydens haar eerste televisie-uitsending van 1957 het sy gesê: "Ek kan u nie in die geveg lei nie. Ek maak nie wette nie of pas nie geregtigheid toe nie. Ek kan egter iets anders doen. Ek kan u my hart en my toewyding gee aan hierdie ou eilande asook aan al die mense van ons broederskap van nasies." Vir baie mense wat vandag leef, was sy die enigste koningin wat hulle geken het – geliefd en gewaardeer as 'n noodsaaklike, skynbaar permanente agtergrond vir hulle lewens. Sy het haar hart vir ons gegee en in ruil daarvoor het ons ons liefde en lojale ondersteuning aan haar gegee. Met haar dood is daardie liefde uitgedruk as hartseer. Soos sy self gesê het: "Hartseer is die prys wat ons vir liefde betaal." Ons kan waarlik daarvan getuig dat van die koningin gesê kan word dat wanneer die regverdiges in gesag is, die mense bly is (Spreuke 29:2).

**Arbeidsvreugde**

Wat baie duidelik vir diegene ná aan die koningin was, was dat sy haar diens as Staatshoof, hoof van die kerk van Engeland en hoof van die Statebond baie *geniet* het. Sy was altyd vriendelik en altyd gereed met 'n glimlag. Sy was beskeie en nederig, met 'n verfrissende, aansteeklike sin vir humor wat gesien kon word in die James Bond komiese toneel wat sy by die Olimpiese Spele in Londen in 2012 uitgevoer het – dit het gelyk asof sy die stadion met 'n valskermsprong binnekom – asook haar bekende middagtee in Junie 2022 wat sy met 'n virtuele Paddington-beer by Buckingham paleis gedeel het.

Sy het daarvan gehou om mense te ontmoet en dit het gelyk of sy oor die ideale temperament, opleiding, sterk samestelling en goeie gesondheid beskik vir die veeleisende rolle wat sy vervul het. Sy het in haar rolle ingegroei en dit met selfversekerdheid uitgevoer wat groot lof en respek afgedwing het vir alles wat sy vir haar land en die Statebond gedoen het. Sy het die gesindheid van verdraagsaamheid en regverdigheid oor alle mense in die Verenigde Koninkryk verpersoonlik. Sy het die Britse koninkryk internasionaal geïntegreer deur haar gebruik van die uitsaaimedia en het meer as 100 lande besoek tydens haar heerskappy. Sommige mense sou sê dat sy op die hoogtepunt van haar roem die mees herkenbare vrou in haar leeftyd was.

**Die opbou van die Statebond**

In 'n tyd toe die ou Britse Ryk besig was om te verbrokkel, het die koningin begin om die Statebond uit te brei deur die aanvanklike sewe lande te laat ontwikkel tot die familie van 56 nasies waaruit dit tans bestaan. Die koningin was die noodsaaklike gom wat die Unie en die Statebond vir meer as 70 jaar bymekaar gehou het – 'n indrukwekkende prestasie, in terme van enige standaard.

Haar begrip van leierskap was eenvoudig, dog diepgaande: Oor die jare het ek opgemerk dat sommige eienskappe van leierskap algemeen is en dit gaan dikwels daaroor om maniere te vind wat mense kan aanmoedig om hulle pogings, talente, insigte en entoesiasme saam te voeg en hulle te inspireer om saam te werk (*A speech by The Queen at the United Nations General Assembly, 2010, Royal.uk*, 6 Julie 2010). Sy het hierdie selfde denke verpersoonlik en 'n talent gehad om mense bymekaar te bring en hulle te verenig.

**Bestendige Godsdienstige geloof**

Die koningin was 'n vrou met 'n standvastige *godsdienstige geloof* wat dit duidelik gemaak het dat haar geloof in God die anker van haar lewe is. In 'n 2002-uitsending het sy gesê: "Ek weet presies hoeveel ek op my eie geloof staatmaak om my deur die goeie en die slegte tye te lei."

Sy het met haar kroning die hoof van die kerk van Engeland geword en daardeur 'n pouslike titel geërf wat eerstens gegee

was aan die Engelse monarg Henry VIII: *Defender of the Faith*. In werklikheid het sy die verdediger van alle Britte geword, ongeag hulle geloof. Haar godsdiensoortuiging was dié van 'n heelhartig toegewyde Anglikaan – 'n toenemend skaars karaktereienskap om te vind in 'n multikulturele en toenemend verwêreldse Brittanje. Sy het nogtans geglo dat sy 'n burgerlike plig verskuldig is teenoor al haar onderdane – ongeag of hulle ander gelowe aanhang of glad nie 'n geloof het nie. Die verandering van Brittanje in 'n multi-etniese samelewing wat gedurende haar heerskappy ontwikkel het, het geduld en groot vaardigheid vereis om almal wat sy ontmoet het, waardevol te laat voel. Dit het aansienlike diplomatieke vermoë geverg, sowel as verdraagsaamheid wat byna wêreldwyd waardeer is.

Jonathan Sacks, die voormalige hoofrabbi van die VK, het die koningin lof toegeswaai as een van hedendaagse se groot verenigende magte van Brittanje. Ter opsomming van sy siening van die koningin se bydrae, het hy getuig: Sy was die stille heldin van diens en in 'n era van selfbeheptheid was sy 'n rolmodel van plig en onbaatsugtigheid wat sy ongevraag vervul het (*The Times*, 31 Mei 2012). Die koningin se benadering tot die lewe was verfrissend eenvoudig en openhartig: Elke dag is 'n nuwe begin. Ek weet dat die enigste manier om my lewe te lei, is om te probeer doen wat reg is, om langtermyn gevolge in ag te neem, om my beste te gee in alles wat die dag oplewer en om my vertroue in God te stel.

**Moed en lewenskragtigheid deur beproewings**

Sy het beproewings en ontberings met moed, veerkragtigheid en 'n ontembare gees die hoof gebied. Om vir só lank koningin te wees, sou nooit sonder uitdagings wees nie, maar haar beproewings en uitdagings was dikwels aan die publiek bekend – vir die hele land om te sien en kennis te neem van hoe sy dit hanteer.

Alle gesinne gaan deur krisistye en koninklikes is geen uitsondering nie. Die koningin en haar man het met koninklike troues gedeel, koninklike egskeidings en koninklike sterfgevalle, waarskynlik verál die ontydige dood van prinses Diana en die sluipmoord op lord Mountbatten. Die gesinshuis, Windsor kasteel, het in 1992 gedeeltelik afgebrand – 'n jaar wat moeilik genoeg was om as haar *annus horribilis* (Latyns vir aaklige jaar) genoem te word.

As gevolg van die openbare ampte wat sy beklee het, het nasionale en selfs internasionale beproewings ook háár beproewings geword waarop sy kommentaar moes lewer en geleenthede vir haar om hoop en aanmoediging te bied vir 'n beter môre, soos sy dit onvergeetlik gedoen het tydens die inperkings van die COVID-19 pandemie. Sy het gesê: "Ons behoort troos daarin te vind dat, alhoewel ons moontlik nog meer sal moet verduur, beter dae sal terugkeer: Ons sal weer by ons vriende wees; ons sal weer by ons gesinne wees; ons sal weer ontmoet" ("Die koningin se uitsending aan die VK en Statebond," *Royal.uk*, 5 April 2020).

Sy het in 2008 in 'n uitsending gesê: "Wanneer die lewe moeilik lyk, gaan die moediges nie lê en die stryd gewonne gee nie; in plaas daarvan is hulle des te meer vasbeslote om vir 'n beter toekoms te veg." Waar het haar innerlike krag en lewenskragtigheid vandaan gekom? Die antwoord is gedeeltelik in haar opmerkings oor die 75ste herdenking in 2019 van die *D-Day*-invalsdag: "Die oorlogstydgenerasie – my generasie – is lewenskragtig."

Wat die koningin egter sterker gemaak het toe sy ouer geword het, was haar gesinsopvoeding, haar man Philip en *haar verhouding met God*, namate sy Hom verstaan het. Die koningin het dit só te kenne gegee: "Niemand van ons kan die verloop van tyd vertraag nie en terwyl ons dikwels fokus op alles wat in die jare tussenin verander het, bly baie daarvan onveranderd, met inbegrip van die Evangelie van Christus en sy leerstellings." (Volgens Edward wat haar aangrypende boodskap gelewer het, *ITV.com*, 16 November 2021.)

Die enigste blywende ding wat in die lewe vir ons almal oorbly, is uiteindelik slegs *ons verhouding met God*. Net soos ons koningin geglo het, het die leerstellings van die Bybel nie verander nie. Al wat ons behoort te doen – die moeilike deel – is om dit in ons lewens toe te pas. 'n Deel van daardie Evangelie is dit: Eer alle mense. Heg waarde aan die broeder-

skap. Vrees God. Eer die koning (1 Petrus 2:17). Die oplossing om al ons nasionale en persoonlike probleme te oorkom, is vervat in die Evangelie van Christus en Sy leerstellings. God sal ons Sy krag gee wanneer ons daarvoor vra en indien ons die lewenswyse volg wat Hy vir ons wil hê.

**Die Bybelse troon van Dawid**

Wat is ten slot van sake die verbasende *Bybelse aspek* van die koningin se troon? Diegene wat geskiedenis noukeurig bestudeer in die lig van Bybelse profesie sal erken dat die troon van die Britse monarg nagespoor kan word tot by die troon van die Bybelse koning Dawid. Omdat Dawid 'n man na God se hart was (Handelinge 13:22), het God sy Verbondsbelofte met Dawid bevestig dat sy troon vir ewig gevestig sou word (2 Samuel 7:16; Psalm 89:3-4, 28-37) wat beteken dat sy geslagslyn nooit sou ophou bestaan nie. In konteks beskryf Psalm 89 duidelik sy geslagslyn en sy vestiging in elke generasie. God vergelyk die waarskynlikheid dat hierdie Verbond misluk met die beëindiging van die natuurlike orde van dae en nagte wat Hy daargestel het – iets wat nog nooit, ooit gebeur het nie (Jeremia 33:17-22). Die Skrif toon duidelik dat, uiteindelik, vir ewig net op Jesus Christus kan dui. Daar word geprofeteer dat die terugkerende Christus die troon van Dawid in besit sal neem en oor die hele aarde sal regeer (Jesaja 9:6-7; Lukas 1:32-33; Handelinge 2:29-30).

Dit beteken dat daar in elke geslag, van koning Dawid af tot vandag toe, afstammelinge van Dawid se bloedlyn beskikbaar was om op die troon van Dawid te heers. Daardie geslag sou nooit ophou bestaan, uitsterf of beëindig word nie. Dit is belangrik dat dit daarop dui dat slegs Jesus die Messías, Dawid se troon kon beërf indien Hy letterlik uit Dawid se geslagslyn gebore is. Die twee Bybelse geslagsregisters van Christus toon duidelik dat dit die geval is: Sy wettige afkoms gaan terug na Dawid via Salomo (Matthéüs 1:6), terwyl Sy bloedlyn via sy moeder teruggespoor word na Dawid deur Natan – nog een van Dawid se seuns (Lukas 3:31).

Wat weet ons dus van Dawid se geslagslyn? Sien ons enige bewyse dat dit vandag bestaan? U hoef nie verder te kyk as die troon wat tans in Londen gevestig is nie! Dit dateer, volgens betroubare bronne, terug na Edward I in 1296 n.C., wat terugdateer voor die Skotse geslagslyn van konings en dan nog verder terugstrek in die newels van tyd tot by die konings van Ierland. Dit is belangrik om daarop te let, dat dit gesê word dat al hierdie vorste oor 'n steen gekroon is wat vandag die *Stone of Destiny* of *Stone of Scone* genoem word, waarna ook verwys word as Jakob se pilaarsteen.

Dit alles behoort ons te oortuig om hierdie antieke en uiters spesiale troon, wat regdeur ons spesiale koningin se 70-jarige ampstermyn voortbestaan en floreer het, nog meer te waardeer en te respekteer. Dit mag dalk voorkom of dit misluk in sy Britse manifestasie – dit het inderdaad al verskeie kere gelyk of dit deur sy lang en veelbewoë geskiedenis misluk het. God sal egter altyd Sy Verbondsbelofte eerbiedig en die koninkryk van Dawid sal altyd in een of ander vorm seëvier. Wanneer die verheerlikte Jesus Christus na die aarde kom om God se Koninkryk oor álles te vestig, sal Hy daardie glorieryke troon vir ewig beklee – 'n troon wat God beloof het om in elke geslag regdeur die geskiedenis te bewaar.

Indien u meer wil weet – en daar is soveel meer om oor verslag te doen – vra vir ons gratis boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, by u naaste streekkantoor of lees dit aanlyn by *www.wvm.co.za*. Dit mag dalk net daartoe lei dat u u opinie op die lewe en wat geprofeteer is gaan gebeur in die jare wat voorlê, radikaal gaan verander.

WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Wat is besig om met Amerika te gebeur?

## Deur Gerald E. Weston

"Is God besig om die Verenigde State van Amerika te straf?" Dit is die vraag wat Sherwin Pomerantz onlangs in die *Jerusalem* Post gevra het. Hy het voortgegaan: "Ek is beslis nie een wat dit waag om te dink ek weet wat in die gedagtes aangaan van die God waarin ek glo nie, ek sou dit nogal as arrogant beskou om so te redeneer. Met die risiko om as 'n ou dwaas bestempel te word, is dit vir my nietemin 'n uitdaging om te glo dat die reeks 'plae' wat die Verenigde State van Amerika die afgelope tyd getref het, nie deel is van een of ander hemelse meesterplan nie" (24 Augustus 2022).

Die Amerikaans-gebore Pomerantz het die afgelope 38 jaar in Israel gewoon. Wat hy in sy vaderland sien, is 'n minder-as-perfekte land wat desnieteenstaande as 'n polisieman diens gedoen het om die wêreld teen selfvernietiging te beskerm na die Tweede Wêreldoorlog, waar die meeste mense in relatiewe vrede en voorspoed geleef het. "Dit lyk egter nogtans of dit 77 jaar ná die einde van die oorlog uitmekaar val" en hy wonder: "Waarom? Wat het gebeur?"

Pomerantz verwys na probleme wat deur die meeste Amerikaners verstaan word – die onoorbrugbare kloof tussen die twee groot politieke partye, vuurwapengeweld, haweloosheid en rampspoedige weer. Bogenoemde waarna hy verwys is natuurlik slegs 'n paar van die "plae" wat Amerika vandag teister, maar kom ons kyk kortliks daarna.

**Burgerstryd wat voorlê?**

Nie net is Amerika polities verdeel nie, maar die gaping tussen "liberaal" en "konserwatief" word groter met skynbaar geen gewone middeweg en geen einde nie. Sosiale media en kabelnuus-netwerke stook die vlamme van woede aan namate albei kante al hoe meer in hulle posisies ingegrawe raak. Een baie kommerwekkende gedagte is gevolglik dat die Verenigde State weer in 'n burgeroorlog betrokke kan raak. William Gale en Darrell West van die *Brookings Institute* het hierdie vraag geopper in 'n verslag van 16 September 2021:

> Is dit werklik moontlik dat Amerika die moontlikheid van 'n burgeroorlog in die nabye toekoms in die gesig kan staar? Dit lyk dalk ondenkbaar en tog is daar baie rede tot kommer. 'n Nasionale opname van 2021 deur die meningspeiler John Zogby het bevind dat die meerderheid Amerikaners (46%), glo dat 'n toekomstige burgeroorlog waarskynlik is, 43% het gevoel dat dit onwaarskynlik is en 11% was onseker. Oorlog het meer waarskynlik gelyk vir jonger mense (53%) as ouer mense (31%) en vir diegene wat in die Suide (49%) en Sentraal/Groot-Mere-streek woon (48%), met betrekking tot dié persone in die Ooste (39%) *("Is the US headed for another Civil War?," Brookings.edu).*

Opinies opsygesit – daar sal nog gesien moet word of daar burgerlike onrus, een of ander vorm van ontwrigtende burgerlike ongehoorsaamheid of 'n regstreekse wapen-oorlog sal wees. 'n Mens kan nie anders as om te wonder hoe gereed die land is om enige soort ernstige onrus te hanteer wanneer die polisie se moraal daal te midde van 'n klein, maar luidrugtige anti-polisiebeweging in die land nie. Geweldsmisdade en wapengeweld is bewyse van toenemende wetteloosheid en het die afgelope paar jaar skerp toegeneem. Tot en met 27 Oktober 2022 het die Verenigde State 562 massa-skietvoorvalle gehad – so gedefinieer wanneer vier of meer mense beseer of dood is, met uitsondering van die skieter. Dit het die land in die situasie geplaas om in 2022 meer as 650 massa-skietvoorvalle te

bereik! Dit sluit nie die duisende mense wat beseer of dood is in skietvoorvalle waarin daar minder as vier slagoffers was nie. Die totale aantal mense wat as gevolg van vuurwapengeweld dood is, het op 16,729 gestaan, met nog 19,800 gevalle van mense wat 'n vuurwapen op hulself gerig het in selfdood (*GunViolence Archive.org*, 27 Oktober 2022).

**Ergste droogte in meer as 'n duisend jaar**

Asof politieke verdeeldheid en vuurwapengeweld nie erg genoeg is nie, wonder Pomerantz ook of God Amerika met rampspoedige weer straf. Daar was nog altyd natuurrampe, maar die uitsonderlike droogte in die Amerikaanse Weste het verreikende gevolge vir die land én vir die wêreld. Oorweeg hierdie ontnugterende verslag:

> Meer as 60 persent van die Amerikaanse Weste, Suidweste en Sentrale vlaktes word beskou as D3-waarskuwings vlakke – ernstige droogtes of hoër. Sewentien state wat verantwoordelik is vir byna die helfte van die land se $364 miljard se landbouproduksie, worstel met watertekorte, met inbegrip van Kalifornië ... [wat] die grootste landboustaat in die land is en wat 60 persent van alle gekweekte vrugte, groente en neute in die V.S. produseer *("California droughts spur 'Water for Farms' video series," AGDaily.com*, 7 September 2022).

Alhoewel 'n mate van tydelike verligting in die middel van September 2022 vir die Suidwestelike V.S. gekom het as gevolg van die tropiese storm Kay, veroorsaak die langtermyn-effekte van ernstige en buitengewone droogtetoestande dat westelike mere opdroog, wat op twee fronte angstigheid veroorsaak. Lake Mead en Lake Powell is volgens volume inhoud die twee grootste opgaardamme in die Verenigde State. Gesamentlik verskaf hulle water en elektriese krag aan miljarde mense in die V.S se Suidweste wat die belangrike metropolitaanse gebiede van Los Angeles, San Diego, Phoenix en Las Vegas insluit. Water is van uiterste belang vir landbou sowel as vir huishoudelike behoeftes. Let op hierdie kommerwekkende verslag van *CBS News*:

> Die Amerikaanse Weste staar die *ergste droogte in menslike geskiedenis* in die gesig. Navorsing dui daarop dat toestande nou droër is as wat dit *in 1,200 jaar* was en vererger deur die gevolge van klimaatsverandering, sal dit waarskynlik vir nog 'n dekade voortduur.
>
> Gemeenskappe regoor die streek worstel met die gevolge van minder water ... Toenemende kommer oor die geweldige droogte het in 2022 'n hoogtepunt bereik, toe die gevolge daarvan skrikwekkend duidelik geword het by Lake Mead.
>
> Die reservoir, die land se grootste in terme van volume, het gedurende die somer tot rekord-lae vlakke gedaal. Foto's het gebarste grond en ernstige erosie blootgelê terwyl satellietbeelde die reservoir se krimpende kuslyne vanuit die ruimte aangedui het *("Lake Mead's waterlevel has never been lower. Here's what that means,"* 4 September 2022, my beklemtoning).

Daar word minder berig oor wat met Utah se *Great Salt Lake* gebeur. Weens groter eise vir menslike gebruik, met inbegrip van landbou, het die hoeveelheid water wat daarin vloei afgeneem; voeg hierby die uiterste droogtetoestande van onlangse jare en die meer het tot sy laagste vlak gedaal sedert daar begin is om statistiek te hou vanaf die middel 1800's. Waarvan baie mense nie bewus is nie, is die ekonomiese impak van hierdie buitengewone watermassa. "Miljarde pekelgarnale word daar geoes ... [en] verteenwoordig een derde van die wêreld se voorraad". Dit "dra $57 miljoen by tot Utah se ekonomie" ("Get To Know Great Salt Lake," Utah departement van natuurlike hulpbronne, verkry op 14 September 2022). Pekelgarnale is slegs 'n klein

deel van die ekonomiese prentjie. Minerale en kunsmis is belangrike industrieë in Salt Lake en verdamping van die meer verskaf vog vir wintersneeuvalle wat die winsgewende winter se ontspanningsbedryf voed.

**Wat *is* besig om met Amerika te gebeur?**

Waarom loop alles skynbaar verkeerd? Waarom sou 'n waarnemer in Israel oor die vraag dink of God Amerika straf? Wanneer die land wat vir meer as 70 jaar lank relatiewe stabiliteit verskaf het probleme het, wat gebeur met die res van die wêreld?

Dit is maklik om onsself te mislei deur te dink dat ons wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang ons wyser gemaak het as die "onkundige" mense van die verlede. Dit sou egter 'n fout wees. Baie leiers en geskiedskrywers besef dat iets in ons wêreld besig is om verkeerd te loop – dat iets baie sleg op die horison is en dat dit naïef is om te dink dat goeie tye sal voortduur omdat ons op een of ander manier wyser is as vorige geslagte. In 2018 het die Amerikaanse geskiedskrywer en buitelandse-beleidkommentator Robert Kagan ons herinner aan die broosheid van die geopolitieke balans in die wêreld.

> Indien die vorige eeu ons enigiets geleer het, is dit dat wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang en die uitbreiding van kennis, terwyl ons in staat is om ons lewens beslissend te verbeter, geen blywende verbetering in menslike gedrag meegebring het nie. Die geskiedenis word ook nie tereg beskou as 'n toenemende opwaartse opmars na ontwikkeling nie ... Wanneer dit by menslike gedrag kom, is die geskiedenis 'n gekartelde lyn [van verligting en duisternis] met geen waarneembare [opwaartse] helling nie (*The Jungle Grows Back*, bl. 5).

Kagan, net soos Pomerantz, sien onheilspellende neigings in Amerika en die wêreld. Kagan se vriendelike waarskuwing het *voor* COVID-19 gekom en die gevolge daarvan was: Inperkings, ekonomiese omwenteling wat inflasie en ontwrigting van voorsieningskettings veroorsaak het asook politieke verdeeldheid oor maskers en entstofmandate. Sedertdien het die wêreld ook gely onder die oorlog in die Oekraïne asook magsvertoning tussen die V.S.A en China.

Anders as Kagan, stel Pomerantz egter voor dat meer as die mislukking van leiers te blameer is vir die probleem. Hy mag die risiko loop om as "'n ou dwaas bestempel te word", maar hy is nié 'n dwaas nie! Hy het iets herken wat ander mense nie raaksien nie naamlik dat die probleme wat Amerika tans in die gesig staar, die resultate is van God se misnoeë as gevolg van ons arrogante verwerping van Hom en Sy morele Wette. Hierdie probleme is nouliks beperk tot Amerika, maar wat in Amerika gebeur, het gevolge vir die wêreld. Kanadese sê dikwels: "Wanneer die Verenigde State nies, kry Kanada 'n verkoue". Wanneer Amerika 'n verkoue kry, beteken dit oral moeilikheid vir nasies. Diegene wat oor die ondergang van Amerika sal juig, beter versigtig te wees waarvoor hulle wens!

*Die Wêreld van Môre* kyk na die geheelbeeld uit die bladsye van die Bybel. Ons verstaan dat daar 'n oorsaak is vir elke gevolg (Spreuke 26:2). Ons besef dat antieke profesieë verduidelik wat vandag besig is om met die V.S. en die nasies van Britse afkoms te gebeur.

**Die Bybelse identiteit van Amerika**

Die meeste mense, selfs teoloë, neem aan dat die term, *Israeliet* en *Jood* 'n vereiste vervanging in hedendaagse konteks is. Dit is volgens die Bybel sowel as geskiedkundig, klaarblyklik vals. Die Bybelse aartsvader Jakob, wie se naam na Israel verander is, het twaalf seuns gehad – een van hulle was Juda, die vader van die Joodse volk. Eeue later het koning Salomo die troon van die nasie Israel, na die dood van sy vader, koning Dawid, oorgeneem as heerser van al twaalf stamme. Anders as Dawid, het Salomo van God se weë afgedwaal en God het tien van die twaalf Israelitiese stamme weggeneem om heeltemal 'n ander aparte nasie te vorm. Vanaf die tyd van

Salomo se seun Rehábeam tot nou toe is die huis van Israel (tien stamme) en die huis van Juda (die Joodse volk) geskei. U kan van hierdie breuk lees in 1 Konings 12. U kan ook lees van die vele konflikte en oorloë wat tussen die twee afsonderlike nasies gevoer is in die Bybelse boeke Konings en Kronieke.

Die noordelike tien stamme van die huis van Israel het omstreeks 720 v.C. in Assiriese ballingskap gegaan en die huis van Juda het omstreeks 590 v.C. in die Chaldeuse ballingskap gegaan. Sommige van die Jode het egter 70 jaar later na hulle vaderland teruggekeer en in die gebied gebly waaraan ons vandag dink as die klein nasie Israel. Jesus sou later uit die geslag van Dawid afstam, van wie se nageslag onder hierdie terugkerende Jode was.

In 135 n.C. is die Jode uit hulle vaderland weggeneem en hulle het eers weer in 1948 dáár 'n nasie gevorm. Op geen tydstip in hulle geskiedenis, vanaf hulle aanvanklike skeiding tot nou, het hierdie twee nasies as 'n enkele nasie verenig nie. Dit is nie net 'n geskiedkundige feit nie, maar word ook deur die Skrif bevestig. Dit is geprofeteer dat hierdie nasies herenig sal word, maar eers na die Wederkoms van Jesus Christus aan die einde van die tyd. U kan hiervan lees in Eségiël 37:15-28, waar dit uit die konteks blyk dat hierdie hereniging nog in die toekoms sal plaasvind.

> "En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie. En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees. En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel" (Eségiël 37:22-24).

Ons lees ook in die eerste boek van die Bybel oor die toekoms van al twaalf stamme van Israel aan die einde van die tyd. Let op wat God deur die aartsvader Israel vir sy kinders voorspel het: "DAARNA het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar. Versamel en hoor, seuns van Jakob, en luister na Israel, julle vader!" (Génesis 49:1-2).

God het daarna deur Israel geprofeteer wat van elkeen van sy twaalf seuns aan die einde van die tyd sou word. Verskeie van sy seuns word met net een sin elk beskryf, maar vyf verse word aan Juda (die Joodse volk) gewy, met die fokus op die beloftes van heerskappy. Dan volg daar 'n lang gedeelte wat aan Josef gewy word – die seun wie se afstammeling Jeróbeam (1 Konings 11:26; Génesis 48:3-6) die noordelike tien stamme in 'n rebellie teen Juda gelei het om 'n aparte nasie te vorm.

> Josef is 'n vrugtetak, 'n vrugteboom by 'n put; sy takke loop oor die muur. Die boogskutters het hom bitterlik bedroef, op hom geskiet en hom gehaat. Maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande is sterk gemaak deur die hande van die magtige God van Jakob (van daar is die Herder, die Steen van Israel), deur die God van jou vader wat jou sal help, en deur die Almagtige wat jou sal seën met seëninge van die hemel daarbo, seëninge van die diepte wat daaronder lê, seëninge van die borste en van die moederskoot. Die seëninge van jou vader het die seëninge van my voorvaders oortref tot aan die uiterste grens van die ewige heuwels. Hulle sal op die hoof van Josef wees en op die kroon van die hoof van hom wat afgesonder was van sy broers (Génesis 49:22-26).

**Die Eersgeboortereg en die Heerser**

Waarom so klem lê op hierdie twee broers, Juda en Josef? Die antwoord word gedeeltelik gevind in 1 Kronieke 5:1-2: "EN die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel – want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersge-

boortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie; want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een 'n vors geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad”. Die koningslyn wat by Jesus Christus die hoogtepunt bereik, sou van die Jode af kom, maar die eersgeboortereg – die belofte van ongelooflike nasionale rykdom en mag – sou deur 'n ander broer kom: Josef en sy twee seuns, Efraim en Manasse.

Mense weet vandag van wie die Jode afstam, maar wat van die nageslag van Josef? Wat het dit te doen met of God besig is om die Verenigde State van Amerika te straf? Alles!

God het vir die Israeliete gesê dat as hulle hulself na Hom wend, Sy Sabbatte onderhou en Sy ander gebooie ook gehoorsaam, Hy hulle reëns sou “gee op die regte tyd” (Levítikus 26:4), daar sou geen skaarste aan voedsel wees nie, hulle sou woon in 'n vreedsame land, en hulle vyande sal voor hulle val. Hy som hierdie wonderlike beloftes op: “En Ek sal in jul midde wandel en vir julle 'n God wees, en júlle sal vir My 'n volk wees” (Levítikus 26:1-13). God vertel egter ons ook aan ons die onvermydelike gevolge van die verwerping van hom:

> “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie, en my verbond verbreek – dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik; die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers, en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie. En ... Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” (Levítikus 26:14-19).

Sherwin Pomerantz is geen dwaas nie. Selfs al verstaan hy nie ten volle van wie Amerikaners afstam nie, het hy ’n punt beet wanneer hy daaroor wonder of “dit vir my 'n uitdaging is om te glo dat die reeks 'plae' wat die Verenigde State van Amerika die afgelope tyd getref het, nie deel is van een of ander hemelse meesterplan nie”. Die Amerikaners en die Britse afstammelinge weet nie wie hulle voorvaders is nie, waarom God hulle bo alle volke op die aarde geseën het of waarom God daardie seëninge wegneem nie. Ongelukkig, in plaas daarvan om God die eer te gee vir hierdie seëninge, het ons self arrogant eer daarvoor geneem.

Ons sal binnekort tot so 'n mate afgetakel word dat ons sal ophou om 'n supermoondheid te wees en ons sal gevange geneem word deur ons vyande. Eers dan sal ons leer dat God nie bespot sal word nie! WvM


# Is Kersfees Christelik?

***Ons sien die toneel elke jaar ... versierde bome, immergroen kerskranse en helder liggies. Somtyds is daar ’n kerstoneel in die hoek wat ’n klein kindjie uitbeeld wat ’n groot aantal geskenke kry. Nogtans word die meeste geskenke aan kinders, familie en vriende deesdae geskenk deur skuldbelaaide volwassenes wat probeer om mekaar te oortref betreffende die nuutste modegier of stokperdjie.***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hie

# Die oorsaak van Israel se ellende

**Deur Peter Nathan**

Terwyl die wêreld se aandag gefokus was op die destydse Russiese inval in Oekraïne, het baie gebeur in Israel en ook in die uitgestrekte Midde-Ooste.

Die Israeliese nasie is wyd veroordeel omdat hulle nie by die meeste van die Westerse wêreld aangesluit het deur sanksies teen Rusland toe te pas as gevolg van die inval in die Oekraïne nie. Israel bevind homself egter in 'n hoek gedryf, omrede hy staatmaak op Rusland op 'n wyse wat die res van die wêreld nie doen nie. Daardie afhanklikheid is nie gebaseer op olie, gas of enige ander diens of kommoditeit nie, maar op Russiese instemming om toestemming te verleen dat die Israeliese Lugmag in die lugruim oor Sirië mag vlieg. Hierdie vlugte is 'n poging om Iranse inmenging in Sirië en Libanon te ontmoedig.

Iran, soos dit die geval is, is die betaalmeester en wapenverskaffer aan Hezbollah en ander terroriste-groepe in die gebied, wat saam met Hamas – die regerende party in Gasa – wil sien dat die nasie Israel heeltemal vernietig word. Sirië is 'n soort van halfwegstasie vir die aflewering van wapens aan Iran se kliënte; vandaar probeer die Israeliese lugmag om daardie wapentuig te vernietig nog voordat dit afgelewer kan word.

Die Russiese Lugmag en sy vlugstelsels beheer die Siriese lugruim en dit is slegs met Russiese verdraagsaamheid dat die Israeliese lugmag in so 'n omgewing kan funksioneer. Dit is waarom Israel baie versigtig te werk moes gaan terwyl Rusland oorlog voer teen Oekraïne.

**Godsdienstige kwessies**

Die Russiese veldtog in die Oekraïne is egter nie die enigste uitdaging wat Israel in die gesig staar nie. Die Russiese inval het met die Islamitiese fees van Ramadan oorvleuel (1 April – 1 Mei 2022) en dieselfde tyd plaasgevind as die vierings van Paasfees en die Pasga vroeër in 2022. Hierdie opeenvolging van godsdiens-tige gebeure skep onvermyde-lik spanning op die Tempelberg of Haram, soos dit aan die Arabiese wêreld bekend is – spanning wat selfs nou nog voortduur. Die *al-Aqsa*-mos-kee, een van Islam se heiligste plekke, is aan die suidelike punt van die Tempelberg geleë en is vir Islamitiese aanbidders 'n fokuspunt gedurende Ramadan. Namate die inval in die Oekraïne voortgegaan het, het die wêreld se aandag vanaf die Midde-Ooste na Oos-Europa verskuif en die Palestyne was gretig om enigiets te doen wat hulle kon om die fokus weer op hulle saak gevestig te kry. As gevolg hiervan het herhaaldelike botsings sedertdien op die Tempelberg plaasgevind tussen Islamitiese aanbidders by die *al-Aqsa*-moskee en Israeliese polisie wat probeer om orde op die berg te handhaaf.

Op die wyer internasionale toneel het die Suid-Afrikaanse minister van internasionale betrekkinge en samewerking, Naledi Pandor, daarop aan-gedring dat Israel tot 'n apart-heidstaat verklaar behoort te word. Pandor het vroeër in 2022 tydens 'n vergadering van die Palestynse sending-hoofde regoor Afrika gepraat en die Palestyne se saak gelykgestel aan dié van swart Suid-Afrikaners voor 1994. Op grond hiervan wil Pandor dus hê dat die Verenigde Nasies 'n menseregtekommissie instel om die situasie te ondersoek en Israel dan ámptelik tot 'n apartheidstaat te verklaar. Dit is 'n benadering wat die Palestyne natuurlik aktief bevorder.

In die staat Israel neem Palestyne deel aan wat algemeen erken word as die mees demokratiese stelsel van enige Midde-Oosterse nasie, met hulle eie verkose verteenwoordigers in die Knesset. Palestyne wat in die Gasastrook en Wes-oewer woon, beleef egter 'n heel ander situasie. Met die Palestynse leierskap in albei daardie gebiede wat onverbiddelik vyandiggesind is teenoor selfs die bestáán van Israel, is daar min kans op 'n vredesooreenkoms tussen die twee partye.

In Gasa werk die Palestynse Islamitiese Jihad (PIJ)

saam met Hamas om oorlog teen Israel te voer. Hierdie groep word deur Iran, PIJ se borg, van missiele voorsien en het na raming 1,100 vuurpyle op Israel afgevuur in 'n wreedaardige aanval gedurende Augustus 2022. Byna 'n kwart van die vuurpyle het egter die Gasastrook getref en die mense wat PIJ wil ondersteun vernietig. Die oorsaak van die aanval was Israel se gevangeneming van PIJ se militêre hoof met inbegrip van talle ander bedrywighede in Jenin en omliggende dorpe rondom die Wesoewer, tesame met die daaropvolgende sluipmoord op PIJ se suidelike bevelvoerder. Voordat Egiptiese tussengangers 'n wapenstilstand kon bemiddel, het Israel ook die PIJ se noordelike bevelvoerder in Gasa vermoor.

Die President van die Verenigde State, Joe Biden, het daarna toegetree tot Pandor se argument en ontken dat Israel 'n apartheidstaat is. Ten spyte van Biden se steun, staar Israel egter vyandigheid in die akademiese, politieke en godsdienstige sfere van die V.S. en ander Westerse nasies in die gesig.

**BDS-bewegings op baie kampusse**

Boikot, onttrekkings van beleggings en sanksies (BDS) is 'n program wat tans teen Israel gevoer word "om internasionale steun vir Israel se onderdrukking van Palestyne te beëindig en druk op Israel uit te oefen om aan internasionale reg te voldoen". Deur lesse wat aktiviste geleer het tydens die teenstand teen Suid-Afrikaanse apartheid in die 1980's, het BDS steun van baie kampus-se en kerke van die V.S. gekry. Dit is ook ondersteun deur baie progressiewe Joodse groepe in die V.S. en het selfs 'n stem in die V.S. Kongres. In Brittanje het die Metodistekerk gestem om ondersteuning vir BDS voort te sit. In wese en ongetwyfeld is BDS-aktiwiteite 'n onverbloemde betuiging van anti-Sionisme – teenkanting selfs teen die bestaan van die staat Israel.

Met sulke vyande, wat van u "vriende" by die huis?

Daarmee saam kom die brose aard van Israel se regering. In April 2022 het 'n koalisieregering van agt partye – wat grotendeels gevorm was om Benjamin Netanyahu uit te stem – uitmekaar begin val toe die Arabiese party, *Ra'am*, gedreig het om sy steun aan die koalisie te onttrek oor die botsings op die Tempelberg. Teen 20 Junie het dit in duie gestort weens hulle onvermoë om wetgewing, veral 'n begroting, deur te voer. Na die ontbinding van die Knesset 'n week later, was Israel 'n nasie sonder 'n beherende regering en begroting en met 'n rekord van vyf algemene verkiesings binne vier jaar. Met Jerusalem in sy midde, blyk dit dat hierdie klein nasie nou selfs vir homself 'n struikelblok is.

**Ontwykende vrede**

Waarom het Israel en veral Jerusalem nie vrede nie? Ten spyte van sy wyd geproklameerde nuutgevonde verhoudings met sommige van die Golfstate en 'n vriendelike verhouding met Saoedi-Arabië, is Israel se sekuriteit niks beter as wat dit ooit was nie. Waarom? Die antwoord word gevind in 'n Bron wat min mense deesdae oorweeg om in ag te neem.

Diegene wat die moderne staat Israel gestig het, het dit gedoen op grond van geskiedkundige verbintenisse met die land. Geskiedkundige verbintenisse alleen maak egter nie voorsiening vir vrede en welsyn nie. In Mei 1948, onmiddellik voor die einde van die Britse mandaat-administrasie van die land wat moderne Israel sou word, het sleutel-Israeliese leiers 'n onafhanklikheidsverklaring opgestel. Dit sou in werking tree die oomblik wanneer Britse bewind om middernag op 15 Mei 1948 beëindig is.

Soos die Israeliese geskiedskrywer Martin Kramer in 'n reeks artikels oor die Israeliese onafhanklikheidsverklaring aangeteken het, wou David Ben Gurion – die leier van die *People's Administration*, wat op die punt gestaan het om die eerste minister van die nuwe staat Israel te word – hê dat die verklaring aanvaarbaar moes wees vir die gelowiges sowel as die ateïste. Geen direkte verwysing na die God van Israel het dus in die finale dokument verskyn nie. Daardie Wese was slegs een keer deur 'n versagtende uitdrukking te gebruik genoem: "Die Rots van Israel" – bewoording wat in die laaste afdeling van die dokument verskyn het, nét bokant die spasie vir handtekeninge. Die verklaring het gelui dat die nasie "gegrond sou wees op vryheid, geregtig-

heid en vrede soos in die vooruitsig gestel deur die profete van Israel". Géén verwysing is egter gemaak na die *Torah*, wat die geskrifte van daardie profete ondersteun nie. Die dokument se enigste ander oorblyfsels van Israel se godsdienstige erfenis was die woorde wat gebruik is om Israel te beskryf en die skrif wat vir die dokument gebruik is, 'n skrif wat normaalweg alleenlik gebruik is vir godsdienstige tekste.

Ten spyte van hierdie skriftuurlike sinspelings, het 'n noodsaaklike element ontbreek. Die verklaring het gefokus op die herinsameling van die Joodse volk uit die ballingskap wat hulle verduur het, maar tog is hulle geskiedkundige verbintenis met die land in werklikheid gebaseer op 'n ander element: 'n Verbond wat gevestig is deur die God van Israel met Sy volk. Die bepalings van daardie Verbond is deur God uiteengesit en die Israeliete moes dit *in geheel* aanvaar – géén onderhandeling was toegelaat nie. Daar is glad nie na hierdie Verbond verwys in die Israeliese onafhanklikheidsverklaring nie, maar sedert ballingskap van die land altyd plaasgevind het omrede die bepalings van daardie Verbond verbreek is, sou 'n mens verwag dat die mense wat na die land terugkeer juis hulle vorige mislukkings sou erken en hulself daartoe sou verbind om dit reg te stel.

Tog ontbreek die bedoeling van die verklaring wat gebaseer was op die oorspronklike Verbond waaronder die land aan hedendaagse Israel se voorvaders gegee is. Dit was dus eintlik 'n sekulêre dokument met slegs 'n geringe erkenning aan die Ortodokse gemeenskap.

**Profesie oorskadu politiek**

Die stigters van die staat Israel, het hulle nasie in wêreldlike terme gesien. Dit moes 'n staat wees wat gegrond was op Europese politieke en filosofiese ideale – nie op 'n Verbond met die Een wat in die eerste plek aan hulle die land gegee het nie. Dit is dus 'n groot probleem waarmee Israel vandag te kampe het. Die Verbond wat by die berg Sinai aangegaan is, het voorsiening gemaak vir vrede met hulle bure as dit nagekom word (Deuteronómium 28:7, 10), maar dit het voortdurende probleme en oorloë beloof indien dit geïgnoreer word (Deuteronómium 28:15-20).

Vergelyk die hedendaagse situasie met wat meer as 2,000 jaar gelede gebeur het, toe die stam van Juda in die dae van die Persiese Ryk na Judea teruggekeer het. Esra en Nehemía het as leiers van die Joodse volk, die sentrale rol van die Verbond erken aan die suksesvolle terugkeer uit Babiloniese ballingskap. Hulle het hulle nasie se aanvaarding van God se Verbond herbevestig (Nehemía 1:5; 9:32-38).

Soos die volk van Israel deesdae, het daardie jong staat in die sesde eeu v.C. vyandigheid van naburige volke ondervind, maar nakoming van die Verbondsverhouding het hulle veiligheid verseker ten spyte van die vyandige omgewing wat hulle in die gesig gestaar het. Verder het die profete wat in hedendaagse Israel erken word, hulle eie onafhanklikheidsverklaring geskryf van 'n toekomstige terugkeer wat gebaseer *sal wees* op 'n Verbondsverhouding met God. Jeremia het geskryf dat God se Verbond eendag deur die mense in hulle hart en verstand geskrywe word (Hebreërs 10:16), nie net erken word deur 'n paar letterlike verwysings na 'n dokument wat niemand volg nie (Jeremia 31:31-34). Vir die profeet Miga was die God van Israel sentraal tot 'n vreedsame bestaan in die land (Miga 4:6-13).

Versuim om volgens die voorwaardes van die Verbond te leef het egter nog 'n ballingskap uit die land tot gevolg gehad. Dit is interessant dat die Israeliese koerant *Haaretz* in April 2022 'n Hamasprediker se bewering gepubliseer het, wat deur 'n geraamde 73 persent van die Palestyne geglo word naamlik dat die Koran 'n numerologiese voorspelling bevat dat 'n groot gebeurtenis in 2022 tot Israel se ineenstorting sal lei. Alhoewel ons weet dat hierdie voorspelling sal misluk – Bybelse profesieë toon dat baie belangrike gebeurtenisse moet plaasvind voordat heidense onderdrukkers die nasie aan die einde van hierdie tydperk in besit neem – kan

*Vervolg op bladsy 7*

# Vrae & Antwoorde

## Het die aartsengel Mígael, Jesus Christus geword?

**Vraag:** My vriend se pastoor sê die aartsengel Míchael is dieselfde geestespersoonlikheid as Jesus Christus. Sê die Bybel werklik enigiets daarvan dat Míchael en Jesus een en dieselfde persoon is?

**Antwoord:** Sommige mense glo dat Judas 9 'n bewys is dat Jesus Christus en die aartsengel Mígael dieselfde wese is. Hulle redenasie is dat die term "aartsengel", van die Griekse *archangelos*, enkelvoud is en dus moet verwys na die bestaan van *een* opperste aartsengel. Hulle verbind dan hierdie vers met 1 Thessalonicense 4:16 – die enigste ander Nuwe-Testamentiese gebruik van die woord – wat sê: "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God".

Die aanname – 'n verkeerde een – is dat die terugkerende Christus dus dieselfde geestespersoonlikheid as die aartsengel Mígael is.

Om 'n aartsengel te beskryf wat neerdaal "met die stem van 'n aartsengel" maak natuurlik omtrent net soveel sin as om 'n menslike man te beskryf wat "met die stem van 'n man" sing. Dit is baie meer rasioneel vir Paulus om na *drie verskillende klanke* te verwys – Christus wat terugkom met 'n triomfantlike geroep, die stem van 'n aartsengel wat Sy koms aankondig en die basuin van God wat die mensdom tot aandag roep. Dit is hoe ons Paulus se woorde in 1 Thessalonicense 4:16 die beste kan verstaan.

### Sy Engele

Nog 'n verkeerde argument veronderstel dat aangesien Openbaring 12:7 Mígael en 'n leër van "sy engele" beskryf wat teen Satan "die draak" veg, moet Mígael die unieke hoof van daardie leër wees en moet dus dieselfde persoonlikheid wees as Jesus Christus, wie die Skrif elders beskryf as die bevelvoerder van magtige engele (Matthéüs 13:41).

Dit is ook 'n foutiewe aanname. Elke weermag het range en eskaders, sodanig dat 'n sersant en 'n generaal albei 'n groep soldate "my manne" kan noem. Mígael wat "sy engele" het, sluit *nie* uit dat Mígael self 'n engel onder Jesus Christus is nie. Neem ook die konteks van Michael se oorlog in ag. Die Skrif beskryf Michael wat teen die draak en *sy* engele veg. Dit is duidelik dat, hoewel Satan "sy engele" het, hy nie Jesus Christus is nie – dit is dieselfde met Mígael. Satan was eens 'n heerser oor engele, een wat volmaak was in sy weë (Eségiël 28:14-16). Sy bestaan as die helder "Lucifer" of "môrester" – *ster* wat nog 'n ander term vir *engel* en *boodskapper* in Hebreeus is – het hom nie in minder van 'n posisie geplaas as dié van 'n magtige *aartsengel* of "gerub wat beskut" nie.

Die Skrif maak dit duidelik dat geen engel meer as 'n dienskneg is nie. Engele mag nie aanbid word nie (Kolossense 2:18; Openbaring 22:8-9) en is beperk in hulle amp. Indien Mígael en Christus dieselfde wese was, sou ons nie die hemelsbreë verskillende maniere kon sien waarop hulle met Satan omgegaan het nie. Let daarop dat Mígael nie Satan in Judas 9 bestraf het nie – in skerp teenstelling met Christus se venynige teregwysing aan Satan in Lukas 4:8.

Let ook daarop dat Judas vir Jesus Christus direk in verse 1, 4, 17 en 21 van sy sendbrief noem. Hy verbind op geen manier sy vermelding van Mígael in vers 9 met enige verwysing na Jesus Christus nie. Hy behandel hulle as twee afsonderlike wesens – wat hulle inderdaad is.

### Daardie Rots Was Christus

Waar was Jesus Christus dan voordat Hy as

*Vervolg op bladsy 26*

# Die werke van Sy hande
# Vlieg met behulp van die oor

## Deur Bryan Fall

Diep binne-in u kop, bedek deur 'n flap van kraakbeen en vel is wat ons die oor noem, is 'n navigasiestelsel. Dit verduidelik dalk nie aan u hoe om by 'n kruidenierswinkel in Pretoria of Kaapstad uit te kom nie, maar dit gee u wel die persepsie van u posisie met betrekking tot waar bo en waar onder is. U brein se waarneming van posisie en beweging word in werklikheid bewerkstellig deur verskeie stelsels, met inbegrip van horisontale bewustheid deur die oë, strekking wat op senuwees van bindweefsel en gewrigte uitgeoefen word en selfs aanraking en drukking op die vel. Ons interne navigasiestelsel, wat in die uitvoering van elke prestasie, vaardigheid en fisiese aktiwiteit vertoon word, voorsien ons gesonde liggame van buitengewone balans en posisionele bewustheid. Of dit nou deur die professionele atleet of deur die daaglikse funksies van die gewone lewe vertoon word, mense is inderdaad ontwerp om te weet "wat aangaan".

**'n Delikate balanseringswet**

Spesifiek geskep om verskillende tipes rotasiebewegings te bespeur, is daar unieke halfsirkel-vormige kanale, elk minder as 25mm in deursnee, wat deel vorm van die *vestibulêre stelsel*. Hierdie kanale herinner aan tonneltjies wat deur 'n wurm gelaat word wanneer hulle deur 'n appel vreet, lê diep binne die been van u skedel en is gevul met 'n dik, helder vloeistof genaamd *endolimf*, wat in die kopholtes rondskommel. Binne 'n gedeelte van die halfsirkelvormige kanale wat die *ampulla* genoem word, reageer haaragtige struktuurtjies met beweging soos gras wat in 'n briesie heen en weer wieg.

Hierdie haartjies is gesetel in 'n spesiale senuwee wat die *vestibulocochleêre* senuwee genoem word wat spesifiek 'n roete volg om seine te herlei na die breinstam, waar die inligting presies na die "korrekte" areas van die brein oorgedra word. Hierdie ander areas van die brein integreer die inkomende inligting oor liggaamlike posisie en beweging met betrekking tot aspekte soos spierbeheer van die liggaam en oë, aanpassings in sirkulasie en asemhaling, beskermende reflekse en selfs emosies en bewuste denke om keuses te maak en besluite te neem. Hierdie goed-ontwerpte vloei van inligting en kommunikasie wat plaasvind wanneer ons selfs in die bed omdraai, is werklik ontsagwekkend inspirerend!

Drie verskillende halfsirkelvormige kanale lê op drie verskillende vlakke, reghoekig met mekaar, wat ons in staat stel om beweging in ons driedimensionele wêreld waar te neem. Wat die plasing van hierdie strukture verder bemoeilik, is hoe hulle sorgvuldig elke beweging oriënteer tussen die linker- en regterkant van die skedel. Die brein maak sin van die kinkels en draaie van 'n olimpiese gimnas of selfs 'n kleuter se vloermoer – in sommige gevalle deur outomaties seine wat van teenoorgestelde kanale inkom, uit te doof. Die meeste van ons het al in 'n sirkel op 'n vertikale as gestaan en getol en die persepsie van beweging hier sou een halfsirkelvormige kanaal behels. 'n Ander kanaal stel 'n mens in staat om 'n perfekte wawiel met vaardigheid uit te voer, alles meubels te versteur sonder om die. Ten slotte laat die derde halfsirkelvormige kanaal 'n persoon toe om 'n vorentoe of agtertoe beweging te maak soos om bollemakiesie te slaan – of, vir diegene wat minder atleties georiënteerd is, om eenvoudig net instemmend te knik in ooreenkoms met hierdie artikel sonder om onsself te disoriënteer.

Interessant genoeg, die plasing van die halfsirkelvormige kanale in die skedel laat hulle toe om die inligting wat daardeur oorgedra word met visuele inligting van die oë te integreer. Die menslike brein is voortdurend besig om inligting uit hierdie kanale te integreer met wat die oë sien. Soos wat die missiel waarnemingsmeganisme vasgenael

is op 'n teiken, laat ons brein ons toe om 'n fokuspunt met die oë te volg en te behou. Die menslike brein, soos 'n massiewe vlugbeheertoring, monitor tallose posisie- en bewegingsinligting wat van regoor die liggaam inkom en is voortdurend besig om sy verskillende bronne te rekonsilieer om 'n akkurate beeld van die liggaamshouding, posisie en beweging te skep.

Die presiese afduik van 'n wêreldklas duiker wat vreesloos tol en draai, is 'n fantastiese toets van die grense van die vestibulêre sisteem. Hierdie sintuie vir navigasie kan egter selfs gebruik word deur vlieëniers van 'n vliegtuig wat deur die lug voortspoed. Selfs te midde van die komplekse tegnologie wat vandag in moderne vliegtuie beskikbaar is, gebruik kleiner, nie-kommersiële vliegtuie steeds siggebaseerde vliegmetodes, aangesien hulle vlieëniers landmerke, berge, paaie en riviere volg en leiding van die binne-oor vestibulêre stelsel gebruik om die vliegtuig behoorlik georiënteerd te hou.

**Geestelike vlugbeheer**

Ongeag hoe kundig God ons gemaak het, is daar nogtans perke aan ons fisiese liggame. Ons vestibulêre stelsel en selfs ons verstand en hart kan ons in die steek laat om ons deur die lewe se storms te lei. Die psalmis sê: "Al beswyk my vlees en my hart" (Psalm 73:26). Let op dat hy nie sê sy vlees en hart *kan* faal nie – dit is 'n uitgemaakte saak dat sy vlees en hart hom *wel* in die steek kan laat. Ons het 'n naïewe vertroue in ons eie sienings wanneer ons jonk is, maar die skade asook die foute van die lewe help ons om ons eie feilbaarheid raak te sien. So goed ontwerp soos wat ons is, kan ons onder druk en spanning, ons oordeel en selfs ons waarneming van die werklikheid verdraai

Net soos wanneer 'n vlieënier sonder instrumente en met beperkte sigbaarheid vlieg, kan vestibulêre sintuig-like illusies soms die veiligheid van vlieënier en passasiers bedreig. Die *"graveyard spin"* is só 'n gevaar. In hierdie dodelike illusie registreer 'n draai van die vliegtuig eers in die halfsirkel-vormige kanale van die binne-oor. Soos wat die endolimf dan ophou om rond te "spoel" in daardie kanale, hou die seine van beweging op en wanneer die vlieënier 'n teenoorgestelde rigtingsroer aanwend om die wenteling van die vliegtuig te stop, veroorsaak die skielike stilstand beweging in die endolimf, wat die illusie van 'n wenteling skep wat in die teenoorgestelde rigting plaasvind. In swak sigbaarheid is dit waar 'n dodelike fout kan voorkom – 'n vlieënier wat die rigtingsroer aanwend om die waargenome wenteling te stop, kan veroorsaak dat die vliegtuig per ongeluk weer in sy *aanvanklike* wenteling ingaan. Ononderbroke oor-kompensasie veroorsaak 'n toenemend hewiger onbeheerbare wenteling wat die tempo van neerdaling na die grond versnel. Volgens *CBS News* is dit waarskynlik wat op 28 Desember 2019 in Lafayette, Louisiana plaasgevind het. Kort nadat die vliegtuig opgestyg het, het die vlieënier, swak sigbaarheid in die gesig gestaar vanweë slegte weerstoestande. Hy het oor-korrigeer en in 'n onbeheerste wenteling ingegaan en uiteindelik het die vliegtuig op die grond neergestort. Aan boord was ses passasiers, met inbegrip van 'n moeder en haar tienerseun, wat na 'n sokkerwedstryd van sy universiteit op pad was. Die tragiese ongeluk het net een oorlewende gehad.

Soms word ons gekonfronteer met storms van onsekerheid waarin ons oorlewing heeltemal uit ons hande is. Dit is in hierdie oomblikke dat ons moet vertrou op wat seker en onwankelbaar is. Die psalmis beantwoord sy eie onsekerheid deur te vertrou op wat seker is: "... my vlees en my hart – God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid." God is 'n onfeilbare Rots deur wie ons ons lewe kan oriënteer. Een van Sy seker en onwankelbare elemente is die Wet wat Hy aan ons openbaar: "Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel; die getuienis van die HERE is gewis: dit gee wysheid aan die eenvoudige" (Psalm 19:8). God se insettinge dui vir ons 'n weg aan wat gevul is met blywende vreugde – die weg wat Sy uitverkorenes vir ewig sal bewandel.

Ons kan nie altyd op ons eie instinkte staatmaak in plaas daarvan om op ons instrumente te vertrou nie. Trouens, ons kan nie eens met behulp van die wonderlike halfsirkelvormige kanale vlieg wat in die benige areas in ons ore ontwerp is nie. Wanneer ons wêreld onvermydelik omvêrgewerp word en ons vlees en hart ons in die steek laat, kan ons terugkeer na

wat seker en onwankelbaar – God en Sy Wette. Dit mag lyk asof ons besig is om 'n wêreld in 'n *"graveyard spin"* te aanskou. Vir 'n nuwe siening oor die instrumente wat elke mens na 'n veilige en stabiele lewenswandel kan lei, vra 'n gratis kopie van ons boekie *Die Tien Gebooie* aan of lees dit aanlyn by *www.wvm.co.za*.

***Vervolg vanaf bladsy 10 – WAAROM SATAN VAN KERSFEES HOU***

3:13; Eségiël 10:14). Verder was Zurvan tipies vergesel van slange wat om sy bene, arms of lyf gedraai is (Franz Cumont, *The Mysteries of Mithra*, 1903, bl. 93). Die Skrif maak dit duidelik dat Satan 'n gevalle gérub is (Eségiël 28:14-16) en met die slang geassosieer word (Génesis 3:1-14; Openbaring 20:2).

'n Regverdige engel sal nie toelaat dat hyself aanbid word nie (Openbaring 19:10; 22:9). Openbaring 9:20 waarsku dat afgodedienaars in der waarheid, *demone* aanbid. Dit is duidelik dat die gérub wat aanbidding vereis tydens die wintersonstilstand is glad nie 'n regverdige engel nie. Of hy homself Zurvan, Saturnus of enige ander naam noem, hierdie godheid is 'n verteenwoordiger vir niemand anders nie as die gevalle gérub met die naam Satan.

**Christenskap, nie Kersfees nie**

Selfs die Romeinse Saturnalia en Persiese Mithraïsme was oorblyfsels van 'n *nóg vroeër* misteriegodsdiens – die Babiloniese misterie-kultus. Die antieke Babiloniërs het die wedergebore Nimrod as die pasgebore Tammuz verheerlik deur 'n immergroen boom te aanbid – nou die gewone Kersboom. Die Babiloniërs het *ook* hierdie wedergeboorte tydens die wintersonstilstand gevier. Jeremia veroordeel antieke Israel vir die nabootsing van hierdie verskriklike heidense praktyk en beskryf selfs spesifiek die versierde boom in Jeremia 10.

Ongeag die goeie herinnerings en of "almal dit doen", 'n *ware* Christen sál Kersfees verwerp omdat Christus volstrek weier om enige deel aan afgodery te hê (2 Korinthiërs 6:15-16). Christus was *nooit* deel van Kersfees nie en Hy sal *nie* daarin "teruggesit" wil word nie.

God beveel ons om heidense weë te verwerp (Jeremia 10:2), en openbaar dat heidense vierings vir Hom *gruwels* is (Jeremia 10:3-4; Eségiël 8:13-14) en maak dit duidelik dat ons *nie* mag verander aan dit wat deur Christus en die Apostels aan ons geleer is nie (2 Thessalonicense 2:15). Om hierdie waarheid te verstaan, sal 'n *ware* Christen dit nie eers oorweeg om Kersfees te vier nie en sal besef dat hierdie vierings van die wintersonstilstand inderdaad Satan se vierings is.

Om meer te wete te kom, kyk na die kragtige *Tomorrow's World* se TV-uitsendings, *"Christmas: The Missing Message"* en "*Insight into Christmas*" of lees die insiggewende artikel "Moet Christene Kersfees hou?" Dit alles kan maklik aanlyn verkry word by www.wvm.co.za.

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

***Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde***

mens na die aarde gekom het? Die Skrif verduidelik dat die Woord – die *Logos* – God was, en van ewigheid af by God die Vader was (Johannes 1:1). Die Woord was nie 'n geskape engel nie. Inderdaad, dit was die Woord – nie God die Vader nie – met wie die eertydse Israeliete interaksie gehad het, "want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" (1 Korinthiërs 10:4). Jesus Christus het baie duidelik aan Sy mede-Jode gesê dat hulle God die Vader nooit geken het nie – net Hy self het Hom geken en dit was Hy wat die Vader aan hulle geopenbaar het (Johannes 1:18; 17:25).

Geen blote geskape engel kon 'n geskikte offer vir die sondes van die mensdom wees nie; slegs die goddelike, ewige *Logos*, die volmaakte Seun van God wat ten volle vlees gemaak is, kon daardie rol vervul – en daardie goddelike Wese het altyd bestaan, sonder 'n skepper. Die Skrif openbaar duidelik dat Mígael die aartsengel 'n *geskape* wese is wat onder Christus dien.

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

kroonkamer [van Edinburgh-kasteel] uitgestal word, wat elke jaar deur miljoene mense besoek word. Die klip sal Skotland eers weer verlaat vir 'n kroning in Westminster Abdy" (*"The Stone of Destiny," Edinburgh.scot*, verkry op 21 September 2022). Dit is merkwaardig hoeveel waarde aan hierdie rots geheg word, maar wat is die werklike betekenis daarvan? Is daar meer as net 'n legende agter die verhaal?

**'n Moeilik verstaanbare profesie**

Hoeveel Bybelgeleerdes verstaan God se belofte aan koning Dawid van 'n ewige menslike vorstehuis? "As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig. Hý sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (2 Samuel 7:12-14). Sommige mense neem aan dat dit net na die Messías verwys, maar let op die volgende: "... as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders. Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het. En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid" (verse 14-16).

Dawid se heerskappy het vir 400 jaar lank ononderbroke voortgeduur – vanaf sy seun Salomo tot by die huis van Juda wat in 586 v.C. geval het. Baie mense neem ook aan dat dit met Sedekía geëindig het (2 Konings 25:7), maar God het hierdie merkwaardige belofte 'n jaar tevore deur Sy profeet Jeremia gemaak:

> "Want so sê die HERE: Daar sal vir Dawid nie 'n man ontbreek wat sit op die troon van die huis van Israel nie ... So spreek die HERE: As julle my verbond met die dag en my verbond met die nag kan verbreek, dat daar geen dag of nag op hulle tyd is nie, dan sal ook my verbond met Dawid, my kneg, verbreek kan word, dat daar vir hom geen seun sal wees wat regeer op sy troon nie ... Soos die leër van die hemel nie getel en die sand van die see nie gemeet kan word nie, so sal Ek vermenigvuldig die nageslag van my kneg Dawid, en die Leviete wat My dien" (Jeremia 33:17, 20-22).

Die meeste teoloë glo dat Dawid se koninkryk 600 jaar voor Christus se koms tot 'n einde gekom het, maar het Jesus die troon van Dawid oorgeneem tydens Sy eerste koms? Dit is duidelik dat Hy dit nie gedoen het nie, maar Hy is bestem om dit te doen (Lukas 1:32-33). Is God ontrou? Het Hy vir Dawid en vir die mense van Jeremia se tyd 'n leuen vertel?

Beslis nie. Soos verduidelik word in my artikel elders in hierdie uitgawe, het die nasie van Israel, in twee koninkryke verdeel – die suidelike huis van Juda (die Joodse volk) en die noordelike tien stamme van die huis van Israel. Let op hierdie belangrike besonderhede in die verse hierbo: "Daar sal vir Dawid nie 'n man ontbreek wat sit op die troon van die huis van Israel nie" (Jeremia 33:17). Die koninklike lyn in die huis van Juda het by koning Sedekía in 586 v.C. geëindig. Die Bybel bevestig dat sy seuns vermoor is, maar nie sy dogters nie! Hulle is in Juda agtergelaat en daarna na Egipte geneem (Jeremia 41:10; 43:5-7).

> Die Ierse geskiedenis teken die res van hierdie verhaal aan. Dit maak melding van die profeet Jeremia en sy skrifgeleerde Barug wat ná die val van Juda na Ierland gekom het vergesel van 'n jong prinses en die kroningsteen, wat in Gaelies *lia fail* genoem word. In antieke Ierse optekeninge was die prinses Tea Tephi genoem. Sy het met die seun van die Opper-koning van Ierland getrou. Hulle nageslag het vir baie eeue vanuit Tara in Ierland regeer. Later, gedurende die dae van Kenneth McAlpine, het hulle hul heerskappy verskuif na Scone in Skotland. Hierdie selfde koningshuis se heerskappy duur tot vandag toe voort in die persoon van koning Charles III, 'n direkte afstammeling van Tea Tephi en haar man. God het sy beloftes aan koning Dawid nagekom net soos Hy gesê het! (John Ogwyn, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika? bl. 45*).

Waarheid is dikwels vreemder as fiksie. Koningin Elizabeth II se dood het 'n antieke

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

seremonie en klip na vore gebring. Soos gerapporteer deur die *BBC*, "*Historic Environment Scotland (HES)*, wat Edinburgh-kasteel bestuur, het aangekondig dat die klip in koning Charles III se kroning gebruik sou word voordat dit na die kasteel se kroonkamer terugbesorg word" ("*Stone of Destiny to return to Westminster Abbey for corronation,*" *BBC.com*, 12 September 2022). Baie van u sal dit dalk onder die Koning se troon sien tydens sy komende kroning.

Deesdae weet die nasies van Britse afkoms en Amerikaanse volke glad nie wat hulle identiteit is nie, maar die *Stone of Destiny* en die blywende Engelse troon is leidrade tot daardie lewensbelangrike feite. Om meer oor die hele verhaal te leer, kontak gerus ons kantoor die naaste aan u en bestel 'n gratis eksemplaar van *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* of lees dit aanlyn by www.wvm.co.za.



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**